Graad 5

AFRIKAANS

Eerste Addisionele Taal

Boek 2

Kwartaal 3 en 4

Hierdie boek behoort aan:

65 Uitvindings

DATUM

Ons praat

Kyk na die prentjies in die sirkel en gesels met jou maat daaroor.

- Watter van hulle is uitvindings?
- Waarom is die dinge wat jy nie gekies het nie, nie uitvindings nie?
- As hulle nie uitvindings is nie, wat dink jy is hulle?

Ons lees

In 1922 het 'n Graad 5-meisie 'n onderhoud met Alexander Graham Bell oor sy uitvinding gevoer. Natuurlik het sy die onderhoud per telefoon gedoen!

Bell: Hallo, Alexander Graham Bell wat praat.

Dora: Meneer Bell, my naam is Dora. Ek is in Graad 5 en ek moet 'n verslag oor 'n **uitvinding** skryf. Ek het besluit om meer oor die telefoon uit te vind, en u is natuurlik die man wat al die antwoorde hieroor sal hê. Sal u omgee om my vrae te beantwoord?

Bell: Glad nie, Dora, vra gerus.

Dora: Toe u in Graad 5 was, het u gedink dat u eendag beroemd sou word? Ek bedoel, het u toe al allerhande goed uitgevind?

Bell: Genade, nee! Ek was maar net soos die meeste seuns, dink ek. Ek het aan sport deelgeneem, onderwysers poetse gebak en beslis nie altyd my huiswerk gedoen nie!

Dora: En toe u groot was, het u gaan studeer om 'n uitvinder te word?

Bell: Glad nie. Ek het studeer om 'n onderwyser te word – 'n onderwyser vir dowe kinders. Ek het 'n skool vir dowe kinders oopgemaak en later 'n professor by die Bostonse Universiteit geword.

Dora: Die telefoon werk met elektrisiteit. Hoe het u so baie oor elektrisiteit geweet?

Bell: Ek het nie. My groot vriend, Thomas Watson, het my met die elektrisiteit-deel gehelp. Ek was die **deskundige** oor spraak en klank. Saam het ons die eerste telefoon gebou wat gewerk het.

Dora: Wow! Dit moes opwindend gewees het! Wat was die eerste woorde wat u oor die telefoon gesê het?

Bell: Wel, dis nogal 'n ongemaklike storie. Ek het iets op my langbroek gemors en my eerste woorde was, "Watson, kom gou hiernatoe en kom help my om hierdie goed van my broek af te kry."

Dora: Wou almal onmiddellik 'n telefoon hê, of het dit eers na 'n tyd **gewild** geword?

Bell: Dit het omtrent vier maande geneem, en toe wou almal telefone hê. Maar toe ek my uitvinding aan 'n bekende telegraafmaatskappy wou verkoop, het hulle aan my 'n brief gestuur wat ek nou nog het. Laat ek dit vir jou lees.

Geagte mnr. Bell,

Baie dankie vir u aanbod. Ons dink egter nie dat enigiemand 'n telefoon sal wil gebruik nie. Ons sal beslis nie een wil koop nie!

Miskien kan u aan 'n ander uitvinding dink?

Dora: Het u baie geld gekry uit die uitvinding van die telefoon?

Bell: O ja! Ek was baie bly daaroor. Ek het die meeste van die geld aan skole en ander organisasies vir dowe mense geskenk.

Dora: Wel, meneer Bell, baie dankie dat u met my gesels het. Ek waardeer dit regtig.

Bell: Dit was my plesier. Ek hoop jy vaar goed met jou projek. Totsiens.

Teacher:
Sign:
Date:

66

Meer oor die telefoon

DATUM

Ons skryf

Lees weer die gedeelte hierbo en skryf antwoorde op die volgende vrae neer.

1. Wat het Alexander Graham Bell uitgevind?

2. Wie het hom gehelp om die eerste telefoon te bou?

3. Waarom het Bell hulp nodig gehad?

4. Dink jy die eerste woorde wat hy oor die telefoon gesê het, was onvergeetlik? Sê waarom.

5. Dink jy die telegraafmaatskappy was jammer dat hulle nie die uitvinding gekoop het nie? Sê waarom.

Ons skryf

Wat beteken die vetgedrukte woorde?
Omkring die beste woord of woorde in die lys aan die regterkant.
Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek.

uitvinding	toerusting	ontdekking	baba	skepping
deskundige	kenner	professioneel	wysneus	melkboer
gewild	oorneem	gebeur	haak	meer word
waardeer	bly	gelukkig	dink oor	nie van hou nie

Ons skryf

NUWE OORDE

Gebruik hierdie woorde en frases om die geheuekaart hieronder te voltooi.

uitvinding | meneer Bell | elektrisiteit | bekende

dowe kinders | Thomas Watson | telegraafmaatskappy

Ons skryf

Gebruik jou geheuekaart en skryf 'n paragraaf oor die uitvinding van die telefoon. Maak seker dat jy 'n hoof- of onderwerpsin het en dat die ander sinne in jou paragraaf jou hoofsin ondersteun.

Teacher:
Sign:
Date:

67 Hoe die telefoon werk

DATUM

Ons lees

Wanneer ons oor die telefoon praat, versteur die klank van ons stemme die lug en maak golwe daarin. Ons noem hierdie golwe **klankgolwe**. Die ontvangtoestel in ons telefone verander ons stemme van klankgolwe na klein elektriese trillings. Die telefoonlyn dra hierdie trillings oor na die telefoon van die persoon met wie ons praat. So kan ons vriende hoor wat ons sê, selfs al is ons duisende kilometer weg.

Ons skryf

Wat gebeur met die luggolwe wanneer ons oor die telefoon praat?

Waarom kan iemand wat ver weg is ons hoor wanneer ons oor die telefoon praat?

Watter stuk skryfwerk is meer formeel – die verduideliking hierbo, of die onderhoud in Werkkaart 65? Sê waarom. Kyk na die taal wat in albei stukke gebruik word.

Onderhoud	Verduideliking
glad nie	ontvangtoestel in ons telefoon
genade, nee!	klein elektriese trillings
om hierdie goed van my broek af te kry	klankgolwe
gewild word	versteur die lug

Skryf die hoofsin van die verduideliking neer.

Dink jy dat die telefoon 'n belangrike uitvinding was? Sê waarom.

Ons skryf

Maak vyf verskillende vrae uit hierdie sin.
Begin met die vraagwoorde wat ons vir jou gee.

Ons gebruik dikwels die telefoon by die huis om met iemand te praat wanneer daar 'n noodgeval is en ook om met mense oor gewone dinge te praat omdat ons in aanraking wil bly.

Wanneer gebruik ons

Waarom

Waar

Wie

Wat

Ons skryf

Verbind die sinne hieronder met mekaar deur die woord tussen hakies te gebruik. Die voorbeeld wys jou hoe om dit te doen.

Voorbeeld

Ons gebruik die telefoon. Ons hou daarvan om met mense te praat. (want)

Ons gebruik die telefoon, want ons hou daarvan om met mense te praat.

Die telefoon is 'n belangrike uitvinding. Ons kan met mense praat. (want)

Hy praat met sy vriend. Hy gaan slaap. (voordat)

Hy skakel 'n nommer. Hy praat met die operateur. (dan)

Sy ma het vir hom 'n selfoon gekoop. Hy kan in 'n noodgeval bel. (dus)

DATUM

68 Oor selfone

Ons skryf

Maia het onderhoude met 'n paar mense gevoer om uit te vind hoeveel mense elk Vodacom, MTN, Cell C en 8-ta gebruik. Hier is die uitslae.

Ongeveer hoeveel mense gebruik MTN?

Ongeveer hoeveel mense gebruik Cell C?

Watter maatskappy lyk na die gewildste diensverskaffer?

Watter maatskappy lyk na die mins gewilde diensverskaffer?

Met ongeveer hoeveel mense altesaam het Maia onderhoude gevoer?

Ons skryf

Vervang die vetgedrukte woord om die sin die teenoorgestelde te laat sê. Kies die beste woord uit die raam.

sleg | min | goed | skaduwee
klein | seuns | laf | telefone
baie | effektief | vrouens | mans

Dit is goed om nie 'n selfoon te hê nie. _____

Jy moenie jou selfoon in die son laat lê nie. _____

Sy het baie selfone. _____

Die meisies koop graag iPods om te gebruik. _____

Die nuutste selfone is groot en oneffektief. _____

Vir die pret

Jou maat wil haar selfoon verkoop sodat sy 'n nuwe een kan koop. Help haar om 'n plakkaat te maak wat die volgende aandui:

- Die naam van die selfoon
- Wat die selfoon spesiaal maak
- Waarom iemand hierdie selfoon moet koop en nie 'n nuwe een nie
- Die prys
- Haar adres en telefoonnommer
- Die ure wanneer mense haar kan kontak
- 'n Prentjie van die selfoon

Teacher:
Sign:
Date:

DATUM

69 Die eerste motorreis

Ons praat

Kyk na die prent en gesels daaroor.

- Gesels oor elk van die verskillende vervoermiddels in die wiel.
- Watter vervoermiddel gebruik jy die meeste?
- Watter vervoermiddel gebruik jy die minste?
- Watter vervoermiddel sou jy gebruik as jy kon kies?

Ons lees

Een oggend in Augustus 1888 het Bertha Benz en haar twee seuns vroeg opgestaan en 'n briefie vir Karl Benz agtergelaat om te sê: "Ons gaan vir Ouma kuier". Hulle het na die werkwinkel gesluip, die deur oopgemaak en 'n driewielvoertuig – meneer Benz se **poging** tot die eerste motorvoertuig – uitgestoot.

Stel jou voor, 'n houtgedoente sonder 'n dak of 'n enjinkap, met twee wiele agter en een voor, 'n handvatsel in plaas van 'n stuurwiel, leersitplekke en 'n enkelsilinder-vierslagenjin van 2,5 perdekrag.

Daar is baie aan die motor verander sedert sy registrasie twee jaar tevore, maar meneer Benz was nog nie tevrede nie. Hy was bang dat die meeste mense nie so 'n nuwigheid sou vertrou nie en dit dus nie sou koop nie. Sy vrou het egter nie saamgestem nie. Sy het besluit om 'n lang reis in haar man se uitvinding af te lê om aan almal te bewys hoeveel **voordele** die "nuwe perdlose kar" het en hoe **betroubaar** dit is.

Mevrou Benz en haar seuns het die motor 'n hele ent gestoot en toe die 100 km-reis van Mannheim na 'n plekkie met die naam Pforzheim aangepak. Daar was geen vulstasies, geen werkwinkels en geen onderdelewinkels op pad nie.

Die **baanbrekers** was egter volkome **vasberade**. Toe hulle water nodig gekry het om die enjin af te koel, het hulle dit uit putte gehaal. Toe die remvoering verslyt het, het hulle na 'n skoenmaker gegaan om nuwe stukkies leer aan die remblokke te laat vasspyker. Toe die kettings gebreek het, het hulle 'n ystersmid gesoek om dit reg te maak. Toe hul brandstof nodig gekry het, het hulle dit gaan koop by 'n apteek (al plek wat brandstof verkoop het). Toe die vergasser vuil geword het, met mevrou Benz dit met 'n hoedspeld skoongemaak. Toe die een punt van die ontstekingskabel **uitgerafel** het, het sy dit met 'n stukkie rek van haar kouse reggemaak.

Hulle was nou naby aan die einde van hulle reis. Hulle het nog een moeilike probleem gehad om op te los. Die enjin was te swak om by die laaste heuwel op te ry. 'n Vriendelike boer het hulle egter gehelp, en so het hulle hul bestemming bereik.

Dit was donker toe hulle in Pforzheim aangekom het. Hulle was moeg en stowwerig, maar ook gelukkig en trots. Hulle het daarin geslaag om die eerste langafstandreis per motor af te lê. Hulle het bewys dat die "perdlose kar" vertrou kan word.

Ons skryf

Lees die gedeelte weer en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.
Wanneer vind die storie plaas?
Merk die regte antwoord.

A	in die laat 1800's	
B	in die 19 eeu	
C	in Augustus	
D	al die bogenoemde	

Hoe het meneer Benz se eerste "motor" verskil van dié wat ons vandag gebruik?

In watter jaar is die motor geregistreer?

Wanneer is die motor uitgevind?

Wie het die langafstandreis onderneem?

Verskeie dinge het op die reis skeefgeloop. Noem twee daarvan en sê hoe dit opgelos is.

Dink jy mevrou Benz se idee om te bewys dat die motor betroubaar is, het geslaag of misluk? Sê waarom.

DATUM

70 Meer oor die kar

Ons pas

Verbind die betekenisse links met die vetgedrukte woorde regs. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek neer.

poging	vasbeslote
voordele	iets wat vertrou kan word
betroubaar	verslyt
baanbrekers	dinge wat help
vasberade	probeerslag
uitgerafel	pioniers

Ons skryf

Elke woord in die raampies het twee betekenisse. Kies drie woord en skryf 'n sin vir elke betekenis van die woord. Wanneer jy klaar is, moet jy 6 sinne hê.

Voorbeeld

Ons het vlak by die **kryt** na die boksgeveg gekyk.

Sy het **kryt** gevra om op die swartbord te skryf.

maat | rand | pers | boks | koppie

Ons skryf

Mevrou Benz het haar man se motor geneem terwyl hy geslaap het. Stel jou voor wat hy dalk vir haar gesê het nadat hy uitgevind het van die reis wat sy en die seuns onderneem het. Skryf 'n kort dialoog tussen meneer en mevrou Benz.

Mnr. Benz Hoe kon jy die motor sonder my wete neem?

Mev. Benz

Mnr Benz Maar sê nou julle het 'n ongeluk gehad?

Mev. Benz

Mnr Benz

Mev. Benz

Mnr Benz Jy het iets merkwaardig reggekry.

Ons skryf

Stel jou voor dat jy Eugen of Richard Benz is. Jy en jou broer en julle ma het jou pa se "uitvinding" vir die eerste motorreis ooit geneem. Skryf 'n brief aan 'n maat waarin jy die beste deel van die reis beskryf.

Teacher:
Sign:
Date:

69 'n Boekresensie

DATUM

'n Boekresensie vertel mense waaroor 'n boek handel. Die resensent (die persoon wat die resensie skryf) sê dikwels vir watter ouderdomsgroep die boek geskryf is, of sy dink die boek is goed geskryf of nie, of dit interessant is, en of die taal maklik of moeilik is.

Lees die volgende boekresensie.

Ons lees

Galimoto

deur Karen Lynn Williams

'n Jong seun in Malawi maak sy **skatkis** oop, haal 'n stuk draad uit en besluit om 'n galimoto ('n Malawi-woord vir 'n voertuig) te bou. Maar hy het nie genoeg draad nie. Hy gaan soek dus nog draad in die dorpie. Sal hy genoeg kry om sy spesiale speelding te maak en, indien wel, watter vorm sal sy verbeelding aanneem met 'n paar draaie van die draad?

Lesers sal die gevoel van vreugde en vryheid wat die jong seun in die storie ervaar, **waardeer**, maar kan teleurgesteld wees in die manier waarop volwassenes die redes waarom hy in winkels en rommelwerwe rondkyk, **wantrou**. 'n Mens sou dink dat mense in so 'n klein dorpie hom sou ken en nie sou dink dat hy vir kwaadgeld rondloop nie. Dit is egter steeds 'n **sjarmante** storie en is pragtig geskryf. Die **illustrasies** is kleurvol en wys vir die leser hoe Malawi werklik lyk.

Bowenal is ek getref deur hoe die seun so gelukkig is met so min – hoe sy klein skatkissie saam met sy verbeelding sy dae vul met net soveel vreugde as wat hy sou beleef het indien hy in 'n groot winkel 'n speelding sou gaan koop het – selfs meer, sou sommige mense dink! Hoe minder **besittings** 'n mens het, hoe waardevoller word dit vir jou. Maar ek dink ook dat kinders altyd 'n gunstelingspeelding of twee sal kies, ongeag hoeveel hulle het; dit is blykbaar in kinders se aard om iets spesiaals te hê, en ek dink dat hierdie **universele** gevoel baie mooi in hierdie boek na vore kom.

Dit is beslis 'n boek wat kinders van 9 tot 11 sal geniet om te lees. Dit skets 'n prentjie van die mense en hul lewens. Plek-plek is die taal 'n bietjie moeilik, maar die leser sal wel kan uitwerk wat die woorde beteken.

Ons skryf

Lees weer die boekresensie en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.

Wat is dit titel van die boek?

Waaroor handel die boek?

In watter land woon die jong seun?

Wat het die seun besluit om te maak?

Sou jy hierdie boek graag wil lees? Skryf 'n paragraaf waarin jy verduidelik waarom.

Ons pas

Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek neer.

skatkis	geniet; hoog ag
waardeer	bekorend; betowerend
wantrou	tekeninge
sjarmante	dinge wat jy besit
illustrasies	wêreldwyd; algemeen
besittings	nie vertrou nie
universele	'n houer met kosbare artikels

Teacher:
Sign:
Date:

DATUM

70 'n Galimoto

Verander die sinne hieronder in vrae. Gebruik die vraagwoorde om die vrae te maak.

Galimoto is 'n boek oor 'n jong seun wat 'n karretjie uit draad maak.

Wat

Die jong seun woon in Malawi.

Waar

Hy gaan na winkels en rommelwerwe toe om na stukke draad te soek.

Waarom

Karen Lynn Williams het *Galimoto* geskryf.

Wie

Hoe minder besittings 'n mens het, hoe belangriker word hulle.

Wanneer

Hoe dink jy lyk 'n *galimoto*? Skryf 'n paragraaf waarin jy dit beskryf. Sê in jou paragraaf hoe die *galimoto* lyk, hoe groot dit is, hoe dit beweeg en watter kleur dit is. Gebruik jou verbeelding.

Ons skryf

Voeg leestekens in hierdie sinne in. Maak seker dat elke sin met 'n hoofletter begin en met 'n punt of vraagteken eindig. Maak seker dat al die eiename met hoofletters begin.

NUWE WOORDE

wil jy graag malawi toe gaan

watter land is naby malawi

wat het die seun gemaak

malawi is 'n land in afrika

karen lynn williams is die skrywer van galimoto

Ons skryf

Skryf 'n resensie van 'n boek wat jy gelees het. Maar voordat jy dit doen, vul eers die inligting hieronder in wat jou sal help om jou resensie te skryf.

Naam van die boek: _____

Skrywer: _____

Hoe begin die boek? _____

_____

Hoe eindig dit? _____

Dink jy ander kinders sal die boek geniet? Waarom? _____

_____

Teacher:

Sign:

Date:

DATUM

71 Die naaimasjien

Kyk na die prentjie en gesels met jou maat daaroor.

- Dink jy die uitvinding van die naaimasjien was belangrik? Vertel vir jou maat waarom.
- Laat jy jou klere maak of koop jy jou klere?
- Ken jy enigiemand wat spesiaal vir hom of haar laat klere maak?
- Is klere wat spesiaal gemaak word baie anders as die klere wat 'n mens in die winkels koop? Sê waarom.

Elias Howe is **gestremd** gebore. As 'n jong seun het hy baie gou moeg geword. Hy het dikwels in die huis gesit en sy ma dopgehou terwyl sy van vroegdag tot laataand werk. Hy het sleg gevoel omdat hy die lewe nie vir haar makliker kon maak nie. Terwyl sy oral in die huis rondbeweeg en kook en was en vee en stryk, kon hy net in die hoek sit en kyk. Saans, by die lig van 'n klein lampie op die kombuistafel, het sy klere vir die hele familie gemaak

Dit het gelyk asof klere maak vir haar die swaarste van al haar werk was. Sy het **gebukkend** oor die materiaal gesit en dit in die **flikkerende** lig vasgehou sodat sy die moeilike, fyn werk goed kon sien. Voordat sy enige kledingstuk kon klaarmaak, moes sy haar naald en garing honderde kere deur die materiaal in-en-uitsteek.

Alhoewel Elias baie moeg geword het as hy te lank aanmekaar gewerk het, was hy baie goed met meganiese werk. Hy het daarvan gehou om met klein masjientjies te werk. Wanneer hy hierdie soort werk gedoen het, was sy hande sterk en slim. Hy het in die masjienbedryf naby sy huis werkies begin kry.

Eendag, terwyl hy in die winkel werk, hoor Elias hoe 'n man vir iemand sê, "As iemand wil ryk word, moet hy 'n naaimasjien vir vrouens uitvind." Die ander mense in die winkel het gelag. Baie mense het al probeer, maar geen uitvinding kon nog ooit 'n naald en garing behoorlik deur materiaal laat werk nie.

Later het Elias Howe na Boston toe gegaan om te gaan werk vir 'n man wat horlosies en fyn **instrumente** gemaak het. Hy het die opmerking oor 'n meganiese naaimasjien onthou en bly wonder hoe so iets sou kon werk. Hy het sy vrou dopgehou terwyl sy naaldwerk doen. In sy vrye tyd het hy aan sy idee gewerk. Toe hy in sy vroeë twintigerjare was, het hy 'n masjien ontwikkel wat soos 'n mens se arm werk. Dit het net soos 'n mens se arm en hand beweeg en 'n naald en garing deur materiaal gedruk. Die masjien was egter nie goed genoeg nie. Dit kon nie lank genoeg in 'n reguit lyn stik nie en die garing het bly breek.

Maar Howe het nie **moed opgegee** nie. Binne 'n jaar het hy 'n beter naaimasjien **vervolmaak**. Die nuwe masjien het 250 steke per minuut gewerk, en twee stukke garing saamgestik sodat dit in 'n reguit lyn kon bly en lang stukke materiaal bymekaar kon hou. Hy het onmiddellik die uitvinding gaan registreer sodat niemand dit kon namaak nie.

William Thomas, 'n Engelse vervaardiger, het Howe gevra om Engeland toe te gaan en vir hom te gaan werk. Howe se vrou was nie gesond nie, maar hulle het besluit om in elk geval te gaan. Na drie jaar in Engeland het Howe se vrou só siek geword dat hulle besluit het om terug te keer Amerika toe. Hy was verplig om sy Engelse regte op die naaimasjien aan William Thomas te verkoop vir 'n klein bedraggie geld – net genoeg om vir sy gesin se reisgeld terug Amerika toe te betaal.

Toe Howe in die Verenigde State terugkom, het hy ontdek dat ander mense sy uitvinding **nageboots** het en 'n naaimasjien soortgelyk aan die een wat hy ontwerp het, verkoop. Sy vrou was op sterwe en hy het hoegenaamd geen geld gehad nie. Hy was vasberade om te baklei vir die geld wat hom toekom. Hy het die mans hof toe geneem en sy regte op sy naaimasjien teruggewen. Die ander mans wat die masjiene net soos syne verkoop het, moes groot bedrae geld aan hom betaal.

Toe het hy die Howe Masjienmaatskappy gestig. Sy maatskappy was 'n groot sukses. Sy uitvinding van die naaimasjien het miljoene mense se lewens makliker en aangenamer gemaak. Maar daar was een groot hartseer in Howe se lewe. Sowel sy ma as sy vrou is dood voordat hulle uit sy besondere uitvinding voordeel kon trek.

Teacher:
Sign:
Date:

72 Meer oor die naaimasjien

DATUM

Ons pas

Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek neer.

gestremd	vooroor geboë
gebukkend	vonkelende
flikkerende	werktuie
instrumente	tou opgooi
moed opgee	finaliseer; beter maak
vervolmaak	gekopieer
nageboots	nie in staat om normaal te beweeg nie

Ons skryf

Voltooi die volgende stellings.

Voorbeeld

Elias Howe het dikwels gesit en

A	sy ma dopgehou terwyl sy werk	✓
B	jammer vir homself gevoel	
C	'n flikkerende lig vasgehou	
D	sy ma help naaldwerk doen	

Elias se eerste werk was om

A	masjiene te verkoop.	
B	klere te maak.	
C	naalde en garing te maak.	
D	masjiene te maak.	

Elias het gedink dat.... die moeilikste werk in die huis is

A	stryk	
B	wasgoed was	
C	skoonmaak	
D	naaldwerk	

Howe het 'n masjien vervolmaak wat

A	250 steke per minuut gestik het.	
B	'n baie kort reguit lyn kon stik.	
C	die garing aanhou knoop het.	
D	almal wou koop.	

Toe Howe na Amerika terugkeer, vind hy

A	dat hy groot bedrae geld aan vervaardigers moet betaal.	
B	min belangstelling in naaimasjiene.	
C	dat ander mans soortgelyke naaimasjiene verkoop.	
D	baie fabrieke naby sy ma se huis.	

'n Nuwe uitvinding moet

A	onmiddellik geregistreer word.	
B	eerste in 'n groot fabriek getoets word.	
C	aan 'n ryk persoon verkoop word.	
D	in Suid-Afrika getoets word	

Die klerebedryf het moontlik gegroei

A	toe die eerste naaimasjien vervaardig is.	
B	terwyl Elias Howe aan sy idee vir 'n naaimasjien gewerk het.	
C	voor die uitvinding van die naaimasjien.	
D	ná die uitvinding van die naaimasjien	

Dink 'n opskrif uit vir die verhaal.

Onderstreep die hoofidees van die eerste vier paragrawe. Skryf nou 'n opsomming van die paragrawe.

Teacher:
Sign:
Date:

73 Dagboekinskrywing

DATUM

Lees die volgende dagboekinskrywings.

Ons lees

Liewe Dagboek Maandag 21 Oktober

Ek moet vir my ma 'n naaimasjien maak. Ek weet nog nie hoe nie, maar ek moet net. Nadat sy die hele dag in die huis gewerk het, moet sy saans nog naaldwerk ook doen. En die lig is so swak! Sy moet by kerslig werk en garing deur 'n naald ryg. Jy kan net dink wat dit aan haar oë doen!

Liewe Dagboek Maandag 22 Oktober

Ek het ure daaraan bestee om aan my naaimasjien te werk. Ek het gedink mense sou dit sommer **dadelik** koop, maar dit lyk nie of enigiemand **belangstel** nie. Ek is regtig ongelukkig daaroor – ek het regtig gedink ek sal baie geld vir my en my vrou verdien. Maar dit gaan **duidelik** nie gebeur nie!

Liewe Dagboek Maandag 23 Oktober

Ek is pas werk in Engeland **aangebied**. Ek sal moet gaan – selfs al het nie een van ons regtig lus nie. Maar dit lyk of dit die enigste manier is waarop ons sal kan oorleef – die geld hier is regtig nie genoeg vir ons nie.

Liewe Dagboek Donderdag 9 November

Dit is nou 'n paar jaar later. Ek is so bekommerd. My vrou is baie siek en ek moet haar terugneem Amerika toe. Ek moes my Engelse **regte** op my masjien verkoop om genoeg geld te kry om terug huis toe te kan gaan. Is dit nie vreemd nie! Ons keer terug op presies dieselfde dag waarop ons hier aangekom het. Ek hoop hierdie reis gaan nie vir my vrou te veeleisend wees nie!

Ons pas

Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek neer.

dadelik	wil iets koop; aandag aan iets skenk
belangstel	voor die hand liggend
duidelik	gegee
aangebied	iets waarop 'n mens geregtig is
regte	onmiddellik

Ons skryf

Lees weer die dagboekinskrywings en skryf dan die antwoorde op die volgende vrae neer.

Waarom wil die skrywer vir sy ma 'n naaimasjien maak?

Waarom verlaat hy Amerika?

Dink jy hy wil Engeland toe gaan? Sê waarom.

Waarom is hy bekommerd oor die reis huis toe?

Het hy baie geld in Engeland verdien? Sê waarom.

Ons skryf

Skryf 'n inskrywing in Elias se dagboek vir die dag waarop hy weer in die Verenigde State van Amerika aangekom het.

Dagboekinskrywing

Liewe Dagboek Datum:

Teacher:
Sign:
Date:

74 Kom ons vind iets uit

DATUM

Elke woord hieronder het twee betekenisse.
Skryf 'n sin vir elke betekenis van elke woord. Wanneer jy klaar is, behoort jy agt sinne te hê.

Voorbeeld

Jy moet reguit met haar praat.

Die naaimasjien stik nie 'n reguit lyn nie.

Hond

Skerp

Lig:

Snaaks:

Ons skryf

Elias moes 'n vorm invul om sy uitvinding te registreer.
Help hom om dit in te vul.
Dink inligting uit as jy moet.

NAAM: _____

VAN: _____

ADRES: _____

_____

_____

1 Beskryf die doel van die uitvinding.

_____

_____

2 Verduidelik wie die uitvinding gaan gebruik.

_____

_____

_____

3 Teken die uitvinding.

Vir die pret

Jy het iets uitgevind. Teken dit en verduidelik wat dit is.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Teacher:

Sign:

Date:

DATUM

75 Kinders se uitvindings

Ons praat

- Dink aan iets waarsonder jy nie kan klaarkom nie.
- Vertel vir jou maat waarom jy nie daarsonder kan klaarkom nie. Moet nie vir hom of haar vertel wat dit is nie.
- Beskryf die ding in besonderhede aan jou maat. Hy of sy moet raai wat dit is.

Ons lees

Krythouers

Toe Cassidy Goldstein in Graad 6 was, het sy aan 'n kunsprojek gewerk. Sy het haar boks met kryte gaan haal en besef dat almal gebreek is. Sy het dus iets ontwerp wat sy Crayon Holders ("Krythouers") genoem het. Crayon Holders is deurskynende plastiekbuise waarin jy jou kryte bêre sodat jy hulle steeds maklik kan gebruik, selfs al breek hulle.

In Graad 7 het sy **patent**-prokureurs gaan spreek en hulle het haar idee laat patenteer. Daarna het hulle die idee **gelisensieer** aan 'n ander maatskappy, wat die **vervaardiging** en **bemarking** hanteer het. Cassidy se pa het die maatskappy By Kids for Kids (BKFK) gestig, wat kinders help om uitvindings te begin maak. Hulle het die krythouers deur BKFK begin verkoop.

Die uitvinding het vir Cassidy genoeg geld verdien om vir die meeste van haar onderwys te betaal en vir haar 'n woonstel te koop nadat sy universiteit voltooi het.

Vandag word Crayon Holders op BKFK.com teen R8,00 vir 'n pakkie van twee verkoop.

Die trampolien

Weet jy waarvan kinders hou, behalwe om te speel? Spring!

Die 16-jarige George Nissen, 'n gimnas en duiker, het in sy ouers se motorhuis rondgespeel toe hy besluit om **seil** oor 'n **reghoekige** staalraam te span met materiaal wat hy in 'n plaaslike rommelwerf gevind het. Sewe jaar later het hy en sy gimnastiekafrigter die uitvinding met nylon **verfyn** en 'n reisende **akrobaat**-groep genaamd die Drie Leonardos begin.

Hulle het dit **aanvanklik** 'n "hop-ring" genoem, maar nadat hulle deur Amerika getoer het, het hulle die Spaanse woord vir duikbord geleer, naamlik el trampolin, en die naam na trampolien verander. Hulle het toe om 'n patent aansoek gedoen.

Ons pas

Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links.
Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek neer.

patent	toegelaat
gelisensieer	advertensie; verkope
vervaardiging	materiaal
bemarking	verbeter
gestig	gimnas
seil	aan die begin
reghoekige	met vier sye wat ewe lank is
verfyn	begin, bv. 'n maatskappy
akrobaat	die maak van iets
aanvanklik	'n rekord van iets ongewoon

Ons skryf

Waarom het Cassidy Crayon Holders uitgevind?

Waarvoor staan BKFK?

Was haar uitvinding suksesvol? Sê waarom.

Verduidelik hoe George die trampolien uitgevind het.

Watter naam, dink jy, is beter? Hop-ring of trampolien?
Sê waarom.

Teacher:
Sign:
Date:

76 Registreer jou uitvinding

DATUM

Ons skryf

Kies die regte woord.

Sy bêre **die/'n** kryte in die plastiekbuis.

Verdien **die/'n** uitvinder altyd geld?

Hy wil graag **so/sulke** iets uitvind.

Het die skool **'n/die** trampolien?

Sulke/so 'n uitvinding kan baie mense help.

Ons skryf

Onthou jy nog die uitvinding van Werkkaart 76? Jy wil dit graag registreer. Skryf 'n brief aan jou onderwyser waarin jy haar vra of sy jou sal help.

Vul jou eie adres in. _____

_____

Vul vandag se datum in. _____

Vul jou onderwyser se naam en adres in. _____

_____

_____

Begin met die regte groetvorm (of aanspreekvorm):
Geagte meneer of mevrou en jou onderwyser se van.

Paragraaf 1
Sê waarom jy die brief skryf.

Paragraaf 2
Sê wat jou uitvinding is en waarom jy dink dit goed genoeg is om te registreer.

Sluit jou brief behoorlik af,
soos Vriendelike groete.
Voeg jou naam en van by.

Vul die ontbrekende woorde in hierdie sinne in.

NUWE WOORDE

Voorbeelde:
My broer is slim. Hy is slimmer as ek.

Trampolien is die _____ woord vir die uitvinding. **(beter/beste)**

Crayon Holders is 'n _____ idee. **(goeie/beste)**

Kryte is ..... as penne **(goedkoop/goedkoper)** _____ maar potlode is die ... . **(goedkoper/goedkoopste)** _____

George Nissen was die _____ seun in die skool. **(stouter/stoutste)**

Dit is baie _____ as hop-ring. **(beter/beste)**

Vul die regte woord in.

Dit is pret om op die **(trampolien/trampoliens)** op die _____ **(sand/sande)** _____ te spring.

Voordat ons skool toe gaan, drink ons altyd twee **(glas/glase)** _____ **(melk/melke)** _____.

Hoeveel **(geld/gelde)** _____ het jy met jou uitvinding verdien?

Jong **(kind/kinders)** _____ sien die **(wêreld/wêrelde)** _____ met vars **(oog/oë)** _____.

Wees kreatief en laat jou **(verbeelding/verbeeldings)** _____ die werk doen.

Teacher:
Sign:
Date:

DATUM

77 Vitvindings

Ons lees

Goudvissies wat toertjies kan doen.

'n Pen met 'n **ingeboude** speltoetser.

'n **Drywende** fiets om oor riviere te kan ry.

Selfskil-uie.

Skoene wat krimp tot jou presiese voetgrootte.

Deurmatjies wat jou skoene skoonmaak.

Kombuismesse wat stomp raak wanneer hulle aan 'n mens se vel raak.

Stil dromstelle.

Grimering in 'n spuitkannetjie.

Motors wat sydelings kan ry.

Toonnaels wat nooit groei nie.

Onbreekbare eiers.

Klere wat van kleur verander.

Eetbare piesangskille.

Let's match

Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links.
Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek neer.

ingeboude	beweeg op water; sink nie
drywende	iets wat nie gebreek kan word
onbreekbare	kan geëet word
eetbare	wat deel van iets is

Ons skryf

Gee die gedig 'n titel.

Skryf drie uitvindings uit die gedig neer wat jy dink jou die meeste sal help.

Sê nou waarom jy dink hulle die nuttigste sal wees.

Skryf twee uitvindings uit die gedig neer wat jy dink glad nie nuttig is nie.

Sê nou waarom jy dink hulle nie nuttig is nie.

Ons skryf

Vul die korrekte persoonlike voornaamwoorde in.

Gebruik sommige van die voornaamwoorde in die raampie hieronder.

Ons Dit

'n Persoonlike voornaamwoord staan in die plek van 'n selfstandige naamwoord.

Ek My Sy Hy Hom Hulle Haar

My broer het 'n lopende tas uitgevind. _____ is baie slim!

My suster is baie jaloers op my broer. _____ wil ook iets uitvind.

Al die kinders is mal oor die tas. _____ is sowaar 'n wenner!

Die onderwysers wil hê dat my broer die tas moet patenteer.

_____ dink _____ kan baie geld daaruit verdien.

78 Dink oor nuwe uitvindings

DATUM

Hierdie woorde klink dieselfde, maar word verskillend gespel. Hulle beteken ook verskillende dinge. Gebruik elke woord in 'n sin wat die betekenis daarvan duidelik maak.

bod

bot

styl

steil

skud

skut

Jy vra 'n maat om jou te help om aan iets te dink wat jy kan uitvind om jou met jou take by die huis te help. Sy vra jou om 'n lys te maak van al die dinge wat jy elke dag moet doen, soos om jou bed op te maak, die tafel te dek, jou kamer aan die kant te maak of ontbyt voor te berei. Sy vra jou om dan te dink aan die dele van die take waarvan jy nie hou nie, en om te dink aan dinge wat die take makliker sal maak. Doen nou wat jou maat jou gevra het.

Byvoorbeeld:

Taak	Waarvan ek nie hou nie	Hoe ek die taak makliker en interessanter kan maak
skottelgoed was	om die stukkies kos van die borde af te krap	Maak 'n meganiese arm wat dit vir my doen.

Ons skryf

Skryf 'n dagboekinskrywing waarin jy noem wat jy wil uitvind en vir wie die uitvinding gaan help.

Liewe Dagboek Datum:

Ons skryf

Skryf 'n brief aan jou maat. Vertel hom of haar van jou uitvinding, vir wie jy dit uitgevind het en hoe dit gaan werk.

Vul jou eie adres in.

Vul vandag se datum in.

Begin met die regte groetvorm:

Paragraaf 1
Vertel jou maat van jou uitvinding.

Paragraaf 2
Sê vir wie jy dit uitgevind het.

Paragraaf 2
Sê hoe dit sal werk.

Sluit af met 'n behoorlike slot en jou naam.

DATUM

Ons skryf Skryf die teenoorgestelde van die woorde in rooi in die spasie.

Kies woorde uit die raampies.

af | eerste | warm | vroeg | lig

Wanneer iemand op 'n trampolien speel, moet sy op en _____ spring.

Ek was Maandag laat vir skool, maar vandag is ek _____.

Ek het gister laaste in die resies gekom, maar ek hoop dat ek vandag _____ sal kom.

Ek het na die weervoorspelling gekyk. Gister was dit koud, maar vandag gaan dit baie _____ wees.

My tas is baie swaar, maar joune lyk _____.

Vir die pret Kyk na die leidrade en skryf die korrekte woorde langs elke leidraad. Al die woorde begin met die letter "a" of "e".

'n Heerlike, gesonde vrug.

Jy het dit nodig om te leef.

'n Ander woord vir donkie.

Waarmee 'n by steek.

Die teenoorgestelde van "voor".

Teacher:
Sign:
Date:

ALLERHANDE SOORTE MENSE

6

DATUM

80 Mense wat ons bewonder

Ons praat

- Ken jy iemand wat jy bewonder?
- Vertel die klas wie dit is.
- Vertel ook vir die klas waarom jy hierdie persoon bewonder.
- Watter eienskappe van die persoon maak hom of haar spesiaal?

Ons lees

Nelson Rolihlahla Mandela is in 'n klein dorpie naby Umtata in die Transkei gebore. Toe hy klein was, het hy daarvan gedroom om 'n prokureur te word en mense in hulle stryd om vryheid te help.

Ná skool het hy vir sy regsgraad gaan studeer. Hy het saam met Oliver Tambo 'n kantoor in Johannesburg geopen. Hy is verkies tot president van die ANC-jeugliga en het later adjunk-president van die ANC self geword.

In 1962 het Mandela die land sonder die regering se toestemming verlaat en 'n paar maande lank oorsee gereis. Kort nadat hy na Suid-Afrika teruggekeer het, is hy gearresteer en daarvan aangekla dat hy die land onwettig verlaat het. Hy is skuldig bevind en vyf jaar tronkstraf opgelê. Terwyl hy nog in die tronk was, is hy ook in die Rivonia-verhoor daaraan skuldig bevind dat hy die staat wou benadeel.

Toe hy beskuldig is, het hy die volgende gesê: "Ek het teen wit **oorheersing** geveg, en ek het teen swart oorheersing geveg. Ek het die ideaal van 'n **demokratiese** en vrye samelewing waarin alle mense in **harmonie** en met gelyke **geleenthede** saamleef, **gekoester**. Dit is 'n ideaal waarvoor ek wil leef en wat ek wil bereik. Maar as dit nodig is, is dit ook 'n ideaal waarvoor ek bereid is om te sterf."

Hy het baie jare in die tronk deurgebring. Nadat hy vrygelaat is, het hy Suid-Afrika se eerste swart president geword.
In 1993 het hy die Nobelprys vir Vrede ontvang.

Die Nobelprys vir Vrede word toegeken aan mense wat baie spesiale werk doen en mense help.

Ons pas

Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek neer.

NUWE WOORDE

oorheersing	regkry
koester	vrede
demokratiese	kanse
harmonie	iets wat volmaak is
geleenthede	dominansie
ideaal	deur almal verkies
bereik	troetel

Ons skryf

Lees weer die gedeelte hierbo en skryf antwoorde op die volgende vrae neer.

Waar is Nelson Mandela gebore?

Watter twee drome het hy gekoester?

Wat het Mandela bedoel toe hy gesê het dat hy teen sowel wit as swart oorheersing geveg het?

Hy het gesê dat hy bowenal wil hê dat mense in vrede moet saamleef. Dink jy sy wens is bewaarheid? Sê waarom.

Mandela het die Nobelprys vir Vrede ontvang. Hoe dink jy het hy gevoel toe hy die prys ontvang? Sê waarom.

Teacher:
Sign:
Date:

81 Meer oor Nelson Mandela

DATUM

Ons skryf

Die sinne in die raampies gee vir ons inligting wat ons in die storie oor Nelson Mandela kan vind. Nommer die sinne in die volgorde waarin die inligting gegee word.

Die skrywer haal dele van Mandela se toespraak by die Rivonia-verhoor aan.	
Die skrywer wys vir ons dat Mandela 'n wonderlike persoon is.	
Die skrywer gee die naam van die persoon oor wie hy of sy skryf.	
Die skrywer vertel die leser van Mandela se kindertyd.	

Ons skryf

Mandela se droom was dat almal in vrede moet saamleef.
Skryf 'n paragraaf oor *jou* droom.

Ons skryf

Hierdie sinne is in die verlede tyd geskryf. Skryf hulle in die teenwoordige tyd oor.

Mandela het daarvan gedroom om 'n prokureur te word.

Die Staat het Mandela daaraan skuldig bevind dat hy teen die regering gewerk het.

Mandela het daarvoor geveg dat almal gelyk moet wees.

Mandela het by die Rivonia-verhoor gepraat.

Die Nobelprys vir Vrede is aan Mandela toegeken.

Ons skryf

Voltooi die geheuekaart deur te sê watter drome vir jou belangrik is.

Teacher:
Sign:
Date:

82

'n Jong kind van Soweto

DATUM

Ons lees

Liewe Dagboek

My naam is Mpho Matebula. Ek woon saam met my ouers, twee jonger boeties en my nefie. Ek kom goed oor die weg met almal in ons gesin. Ons woon in Soweto. Ons huis het ses vertrekke en ons het ook 'n hut buite. My droom is om 'n prokureur te word wanneer ek klaar is met skool, sodat ek mense kan help.

Ek het baie vriende, maar my beste maat is Mark Chabedi. Ek en hy behoort aan dieselfde **besprekingsgroep**, waar ons **redeneer** oor dinge wat binne en buite ons land gebeur.

Waar ek woon, is daar baie jongmense wat nie skoolgaan nie. Hulle staan op die straathoeke rond en gebruik dwelms. Ek het by 'n straat-**komitee** aangesluit wat probeer om jongmense met hul **probleme** te help, maar party van die jongmense wil nie luister nie.

Ek geniet dit om sokker te speel by ons skool en by ons sport**stadion** en om op TV sokker te kyk. Ek sou graag eendag ook krieket en tennis wil speel, omdat ek dink dit is belangrik om aan sport deel te neem.

Ons pas

Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek neer.

NUWE WOORDE

besprekingsgroep	bespreek; argumenteer
redeneer	span; werksgroep
komitee	moeilike sake
probleme	pawiljoen by sportgrond
stadion	groep wat oor verskillende dinge praat

Ons skryf

Lees weer die gedeelte en skryf antwoorde op die volgende vrae neer.

Waar woon Mpho?

Mpho droom daarvan om 'n prokureur te word. Sê waarom.

Hy behoort aan 'n besprekingsgroep wat oor dinge binne en buite Suid-Afrika praat. Oor watter soort dinge, dink jy, praat hulle? Skryf twee neer.

Volgens Mpho gaan baie jongmense nie skool toe nie. Dink jy dit is 'n goeie of slegte ding? Sê waarom.

Mpho meen dat dit baie belangrik is om aan sport deel te neem. Dink jy dit is belangrik? Sê waarom.

Ons skryf

In Werkkaart 82 het jy 'n geheuekaart gemaak van die drome wat vir jou belangrik is. Skryf nou 'n paragraaf waarin jy jou geheuekaart gebruik. Skryf in jou paragraaf 'n hoofsin waarin jy sê wat een van jou drome is. Skryf dan nog vier sinne oor jou droom.

Hoofidee
Ondersteunende idees

DATUM

83 Skryf oor wat jy doen

Hierdie woorde klink dieselfde, maar word verskillend gespel. Gebruik elke woord in 'n sin om die betekenis duidelik te maak.

vlei

vly

swaer

swaar

bleik

blyk

wed

wet

gereelde

gereëlde

Kies die regte woord in elke sin:

- Die badkamervloer is nuut geteel/geteël.
- My ma se nuwe motor is dier/duur.
- 'n Groot vier/vuur woed in die veld.
- Janet is 'n baie mooi muisie/meisie.
- Die hoofseun lui/lei die ander leerders in die skool in.

Ons skryf

Lees weer Mpho se dagboekinskrywing. Hy het by 'n groep aangesluit wat mense help. Dink nou aan al die dinge wat jy al gedoen het om mense te help en hulle gelukkig te maak. Skryf twee dinge vir elk van die volgende dae neer: Donderdag, Vrydag en Saterdag.

Donderdag

Vrydag

Saterdag

Vir die pret

Die woorde in die raampies is tussen die letters versteek. Party woorde loop dwars, ander loop af en een is agteruit geskryf. Kan jy hulle opspoor?

bruin | lyf | brein | meisie | geil | kryte

muisie | stom | skyn | skil | gek

b	s	u	i	m	e	h	f	b
s	t	f	b	e	g	g	y	r
e	o	y	r	i	f	e	l	e
i	m	n	u	s	k	i	n	i
s	s	e	i	i	k	l	u	n
i	e	v	n	e	c	i	d	w
u	w	e	t	n	l	g	l	u
m	e	i	s	i	e	g	e	k

84 'n Beroemde dokter

DATUM

Ons praat

- Gesels met jou maat oor jou dokter.
- Waarom gaan jy dokter toe?
- Hou jy van jou dokter en vertrou jy hom of haar?
- Doen jy altyd wat jou dokter jou sê om te doen?
- Vertel die klas van jou jongste besoek aan die dokter.

Ons lees

Christiaan Barnard (8 November 1922 – 2 September 2001)

Dokter Chris Barnard het sy MD-graad (Dokter in Medisyne) aan die Universiteit van Kaapstad verwerf. Daarna is hy in Amerika in hart**sjirurgie** opgelei.

In 1967 het Barnard se span op Louis Washkansky geopereer.

Ná die operasie is daar besluit dat Barnard eerder die mediese superintendent moes bel, selfs al was dit 3-uur op 'n Sondagoggend. Die superintendent was verbaas dat Barnard hom op "so 'n onmenslike tyd wakker bel" om hom van "nog 'n operasie op 'n hond" te vertel. Die superintendent het hom vir sy oproep bedank en weer gaan slaap. Teen dagbreek, toe Barnard op pad huis toe was, was hy verbaas om te hoor dat die radio oor die operasie berig. Die hospitaal het die **neutrale** verklaring uitgereik dat 'n groep sjirurge aan die Groote Schuurhospitaal 'n hart **oorgeplant** het.

Die nuusberig is ook deur ander **media** oorgeneem, en binne 'n paar uur het die eerste oproepe van oral ter wêreld begin instroom. Dr. Barnard was gou die bekendste man op aarde oor wie almal gepraat het. Sy gesig was oral te sien.

Binne 'n jaar het 64 spanne in 22 lande byna 100 hartoorplantings probeer doen. Maar baie mense het gesterf, omdat hul liggame die nuwe harte **verwerp** het. In vergelyking met die resultate in die res van die wêreld, was Barnard egter baie **suksesvol**. Vier van sy eerste 10 pasiënte het meer as 'n jaar ná hulle hartoorplantings oorleef, en een (wat drie maande ná die operasie weer gaan werk het), was 20 jaar daarna steeds fiks en gesond.

"Vir 'n sterwende persoon is 'n hartoorplanting nie 'n moeilike besluit nie. As 'n leeu jou na 'n rivier vol krokodille toe jaag, sal jy in die water spring. Jy sal oortuig wees dat jy darem 'n kans het om die ander kant te haal. Maar jy sou nooit so 'n kans waag as daar nie 'n leeu was nie."

Ons pas

Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek neer.

NUWE WOORDE

sjirurgie	van een persoon na 'n ander oorgedra
neutrale	televisie, radio, koerante
oorgeplant	nie aanvaar nie
media	slaag
verwerp	sonder tierlantyntjies, gewoon
suksesvol	operasie

Ons skryf

Lees weer die gedeelte en skryf die antwoorde op die volgende vrae neer.

Wat vertel die inligting tussen hakies langs Chris Barnard se naam vir jou?

Watter operasie het dokter Barnard uitgevoer wat hom beroemd gemaak het?

Hoe het die superintendent op dokter Barnard se nuus gereageer?
Merk die korrekte antwoord.

A	opgewonde	
B	kwaad	
C	kalm	
D	sonder belangstelling	

Sê waarom jy daardie antwoord gekies het.

Hoe het die hospitaal se reaksie van die res van die wêreld se reaksie verskil?

Dink jy sy operasies was suksesvol? Sê waarom.

Voltooi hierdie sin.

As jy baie _____ is, sal jy probeer oorleef, ongeag wat jy _____ doen.

Teacher:
Sign:
Date:

85

Meer oor dokter Chris Barnard

DATUM

Ons skryf

Die gedeelte oor dokter Chris Barnard vertel jou 'n bietjie oor sy lewe. Voltooi die sinne hieronder deur die ontbrekende inligting in te vul.

Hy het _____

en _____ studeer .

Hy het sy eerste hartoperasie gedoen _____.

Ná die operasie het die mense by die hospitaal

_____

_____.

Mense oorsee _____

_____.

Ons skryf

Verbeel jou jy is dokter Barnard. Skryf dagboekinskrywings vir twee dae. Gebruik die inligting in die storie oor dokter Barnard hierbo.

Vir die eerste dag, skryf oor jou eerste hartoperasie en hoe jy gevoel het.

3 Desember

Vir die tweede dag, skryf oor hoe jy gevoel het toe die wêreld so 'n ophef van jou gemaak het.

7 Desember

Ons skryf

Omkring die frases in die raampie hieronder wat dieselfde as hierdie frases beteken. As jy nie seker is wat die frases beteken nie, soek hulle in die storie oor dokter Barnard en kyk wat hulle daar beteken

onmenslike tyd

die kans waag

die belaglikste tyd	om iets te aanvaar
tyd wat diere hou	dinge loop verkeerd
baie vreemde mense	'n risiko loop

Skryf nou jou eie sinne om te wys wat hierdie frases beteken.

Ons skryf

Skryf hierdie sinne in die indirekte rede oor.

"Dankie vir u oproep, maar ek gaan nou weer slaap," sê die hospitaal se superi

Die hospitaal se superintendent het

"'n Groep sjirurge by Groote Schuurhospitaal het 'n hart oorgeplant."

Daar word berig dat

.

"Ek het 'n hart oorgeplant," sê dokter Barnard.

Dr Barnard het gesê dat

Teacher:

Sign:

Date:

86

Wie kan help?

DATUM

Haal jou hande uit jou sakke
Reik uit
Na ander mense se **behoeftes**
Maak jou oë oop
Hier is **inspirerende** woorde:
Maak jou oë oop
En kyk om jou rond
Vra jouself die vraag
Wat kan ek doen?
Jy het hande
Jy het oë
Jy het ore
Stel jou **beskikbaar**
As jy liefhet, hê meer lief
As jy sing, sing die beste
As jy weet hoe om in te kleur,
Kleur hierdie jaar helder in.
As jy iets goeds het
Wys dit vir die wêreld.
Moenie wegkruip nie, kom uit
Sterk en met **selfvertroue**
Stel jou beskikbaar
Hierdie jaar.
(Albert Mogale, aangepas)

Ons pas

Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek neer.

reik	bereid; daar
behoeftes	strek jou hand uit
inspirerende	selfversekerdheid
beskikbaar	dinge wat mense nodig het
selfvertroue	motiverende

Ons skryf

Lees weer die gedig en skryf antwoorde op die volgende vrae neer.

Gee vir die gedig 'n titel.

Wat dink Albert Mogale moet mense doen?

Wat dink hy het mense nodig om ander te kan help? Skryf 'n volsin.

Wat moet jy doen as jy talentvol is? Skryf 'n volsin.

Hou jy van die gedig? Sê waarom.

Ons skryf

Skryf die sinne oor. Korrigeer die woorde wat nie korrek gespel is nie.

Ek haal 'n texi skool toe maar moet twee buse huis toe haal.

Ek en my maat help twee maal per week by die ouetehys.

Ryk uit na mense en probeer hulle help.

Hou jy van die gidig? Sê waarom.

Teacher:
Sign:
Date:

DATUM

87 Raak kreatief

Ons skryf

Lees weer die gedig deur Albert Mogale. Skryf nou jou eie gedig. Die gedig moet handel oor wat jy kan doen om ander mense te help.

Vir die pret

Teken nou 'n prentjie oor iets in jou gedig.

Ons skryf

Laat hierdie sinne vloei. Skyf 'n voornaamwoord langs elke naamwoord wat onderstreep is. Gebruik een van die volgende voornaamwoorde.

Sy | Hy | Hom | Hulle | Syne | Dit

Dr Barnard is beroemd. Dr Barnard _____ het die eerste hartoorplanting gedoen.

Die eerste hartoorplanting _____ is op Louis Washkansky uitgevoer. Louis Washkansky se _____ nuwe hart het na die operasie sterk geklop. _____

Mense van oral ter wêreld het gedink dat die oorplanting _____ wonderlik is.

Mense _____ wou dokter Barnard ontmoet.

Ons skryf

Lees hierdie artikel oor die eerste hartoorplanting.
Doen dan die volgende:

- Omkring die hoofidee in die artikel.
- Onderstreep die ondersteunende idees.
- Gee die artikel 'n titel. Skryf die titel boaan die artikel.

NUWE WOORDE

Die hele wêreld is in rep en roer. Twee dae gelede het dokter Chris Barnard die eerste menslike hartoorplanting ter wêreld gedoen.

Louis Washkansky het nog 'n kans op lewe gekry. Daar word verwag dat honderde ander dokters oral ter wêreld dieselfde prosedure gaan probeer uitvoer op mense wat nuwe harte nodig het.

Toe hy gevra is hoe hy gevoel het nadat hy geskiedenis gemaak het, het dokter Barnard gesê, "Ek het regtig nie geweet dat ek geskiedenis gaan maak nie. Al wat ek wou doen, is om mense met hartprobleme te help."

Meneer Washkansky kon 'n paar dae ná die operasie met ons praat. "Dokter Barnard het my 'n tweede kans gegee om te leef. Ek sal hom altyd daarvoor dankbaar wees."

Vir die pret

Jy is die illustreerder vir *Kidz Mag*. Teken 'n prentjie van Louis Washkansky se nuwe hart. Skryf 'n byskrif onderaan jou prentjie.

Teacher:
Sign:
Date:

DATUM

88 'n Outobiografie

Ons praat

- Het enigiemand al ooit vir jou hul lewensverhaal vertel?
- Kyk na die prentjies. Dit vertel 'n storie van 'n jong meisie wat grootword.
- Vertel nou vir die klas wat jy al gedoen het vandat jy met skool begin het, tot nou toe.

Ons lees

Mirriam Makeba (4 Maart 1932 – 10 November 2008)

Ek is in Johannesburg gebore. Toe ek dertien jaar oud was, het ek aan 'n **talent**kompetisie by 'n **sendingskool** deelgeneem en die eerste prys gewen. In 1952 is ek gekies om saam met die Manhattan Brothers te sing en het saam met hulle deur Suid-Afrika getoer. Toe, in 1956, het ek die liedjie "Pata Pata" **vrygestel**.

In 1959 het ek die eerste Suid-Afrikaner geword wat 'n Grammy-toekenning verower het. Dit was 'n baie spesiale **geleentheid**.

Een van die hartseerste dae in my lewe was toe Suid-Afrika my **verbied** het om huis toe te kom omdat ek in 'n dokumentêr "Come Back Africa" verskyn het. Dit het Suid-Afrika se apartheidsregering ontstel. Ek het my rug op die land gekeer en eers 30 jaar later na Suid-Afrika teruggekeer.

Ek het saam met groot sangers soos Paul Simon, Nina Simone, Hugh Masekela en Dizzy Gillespie **getoer**. Ek het uiteindelik in Desember 1990 na Suid-Afrika teruggekeer, en dit was een van die gelukkigste dae in my lewe. Vier jaar later het ek 'n liefdadigheidsprojek aangepak om fondse in te samel om vroue in Suid-Afrika te beskerm.

Alhoewel ek al baie storms soos motorongelukke, 'n vliegtuigongeluk en kanker moes trotseer, het ek probeer om aktief te bly en my mede-Suid-Afrikaners te dien.

Ons pas

Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links.
Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek neer.

NUWE WOORDE

talent	rondgereis
sendingskool	beskikbaar gestel
vrygestel	gebeurtenis
geleentheid	uitgesluit, verban
verbied	feitelike program of film
dokumentêr	skool wat deur 'n kerk bestuur word
getoer	gawe; vermoë

Ons skryf

Lees weer die gedeelte en skryf dan antwoorde op die volgende vrae neer.

Mirriam Makeba was baie talentvol. Watter feite in die eerste paragraaf vertel dit vir ons?

Hierdie soort skryfwerk word 'n outobiografie genoem. Watter woorde dui aan dat dit deur Mirriam Makeba self vertel word?

Wat was die naam van die gewilde liedjie wat Mirriam Makeba beroemd gemaak het?

Wat was een van die hartseerste dae in haar lewe?

Wat was een van die gelukkigste dae in haar le

"Outobiografie" bestaan uit twee woorde wat saamgevoeg is: "outo", wat "self" beteken, en "biografie", wat "storie" beteken. 'n Outobiografie is dus 'n storie oor jouself.

Merk die beste betekenis vir die twee vetgedrukte frases:

rug gekeer op:	baie kwaad geword, verwerp		ontvang		op 'n reis gegaan	

baie storms trotseer:	in 'n sterk wind vasgevang word		baie moeilike tye beleef	

DATUM

89

My outobiografie

Ons skryf

Verbeel jou jy het Mirriam Makeba ontmoet voordat sy dood is. Jy was baie opgewonde en wou met haar 'n onderhoud voer. Watter vrae het jy vir haar gevra? Vul die ontbrekende inligting in.

Jy: Goeiemore, mejuffrou Makeba. Baie dankie dat u ingestem het om met my te praat.

Mirriam Makeba: Dit is 'n plesier. Ek hoop dat jongmense sal verstaan hoe belangrik dit is om dinge vir ander mense te doen. En dat, as hulle hard werk, hulle enigiets kan bereik en byna alle struikelblokke kan oorkom.

Jy:

MM:

Jy:

MM:

Jy: Baie dankie. Ek kan nie wag om dit alles vir ons klaskoerant te gaan neerskryf nie.

Ons skryf

Skryf die antonieme van die vetgedrukte woorde neer.

Sinonieme: woorde wat dieselfde betekenis het

Antonieme: woorde wat 'n ander of teenoorgestelde betekenis het

NUWE WOORDE

Mirriam Makeba was die **eerste** Suid-Afrikaanse sanger wat 'n Grammy-toekenning verower het. _____

Sy het **later** by die vertoning aangekom. _____

Dit was die **gelukkigste** dag van my lewe. _____

Ek het die onderhoud met Mirriam Makeba **begin**. _____

Dit is **goed** om **gelukkig** te wees. _____ _____

Ons skryf

Jy gaan nou jou outobiografie skryf – die storie van jou lewe. Voordat jy dit skryf, moet jy eers hierdie geheuekaart voltooi. Sluit byvoorbeeld die volgende inligting in: jou naam; waar jy gebore is; jou broers en susters; wat jy gedoen het voordat jy met skool begin het; wie na jou gekyk het; wat jy gedoen het toe jy skool toe is; of jy gelukkig, bang of opgewonde was; wie jou maats was; wat jou gunstelingvak was; wie jou gunstelingonderwyser was; wat jy graag ná skool doen; wat jou stokperdjies is; waarvan jy hou en nie hou nie; wat jy in die toekoms wil doen.

Die storie van my lewe

Ons skryf

Skryf nou die storie van jou lewe.
Gebruik die inligting in jou geheuekaart.

Teacher:
Sign:
Date:

DATUM

90 Alles oor 'n bekende sanger

Ons lees

Riaan Labuschagne gesels met Zolani Mahola, hoofsanger van Freshlyground.

Hoe het jy in die musiekbedryf beland?

In 2002 het Aron Swartz my gevra om 'n oudisie te doen vir sy groep Freshlyground, wat 'n hoofsanger gesoek het. Die res is geskiedenis

Waar kom jou passie vir musiek vandaan?

Ek het in New Brighton, Port Elizabeth, grootgeword. Die lewe in 'n township het maar net 'n sekere gees. Musiek en sing is so 'n groot deel van die Afrika-samelewing en die plek waar ek grootgeword het. My natuurlike liefde vir musiek het ook gedurende my skooljare ontwikkel.

Wat inspireer jou musiek?

Die lewe, mense en dit wat ek ervaar. Wanneer ons op die verhoog is, vloei geluk en vreugde van ons na die gehoor toe en hulle stuur dieselfde emosie terug na ons toe. Dan is daar ook my ma. Sy is dood toe ek sewe jaar oud was, maar sy is steeds 'n teenwoordigheid in my kop. Ons album *Nomvula* is na haar vernoem.

Komponeer jy jou musiek in 'n sekere styl of vir 'n sekere mark?

Nee, dis net aanvoeling. Ons musiek kom uit die hart uit en uit dit wat ons ervaar. Die groep kom gewoonlik byeen en dan speel ons musiek. 'n Liedjie begin met 'n idee, en dan begin ek sing en die lirieke skryf. Party van die liedjies word individueel geskryf. Ons weet nooit of 'n liedjie goed sal verkoop nie. Jy kan nie daaroor dink wanneer jy skryf nie, jy moet net jou hart volg.

Watter invloed het roem en sukses op jou lewe gehad?

As kind was ek baie skaam en ek het gesukkel om kontak met mense te maak. Dit het nou alles verander. Ek leef met die voortdurende verwagting om mense te ontmoet. Waar ek ook al gaan, kom mense na my toe vir my handtekening of om saam met hulle 'n foto te laat neem.

Is daar nog enige ander drome wat jy wil nastreef?

Tussen 2003 en 2005 het ek die hoofrol vertolk in die TV-dramareeks *Tsha-Thsa* op SABC1. Toneelspel is dus nog 'n groot deel van my en iets wat ek beslis in die toekoms weer sal wil doen, op TV of op die verhoog.

Het jy 'n wens vir jou mede-Suid-Afrikaners?

Suid-Afrika is 'n nasie van ongelooflik goeie en vriendelike mense. Ons moet ophou om so bang te wees en net begin saamstaan.

Ons pas

Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek neer.

NUWE WOORDE

gees	beter word
ontwikkel	die woorde van 'n liedjie
teenwoordigheid	onophoudelike
lirieke	geloof, vooruitsig
voortdurende	aanwesigheid; daar wees
verwagting	gevoel; atmosfeer

Ons skryf

Lees weer die onderhoud en skryf antwoorde op die volgende vrae neer.

Oor wie handel die gedeelte?

Waar dink jy sal jy so 'n soort onderhoud lees? Sê waarom.

Zolani sê dat die lewe, mense en verskillende ervarings haar wil laat sing. Wat inspireer haar nog?

Skryf in jou eie woorde 'n sin oor hoe sy haar musiek en liedjies skryf.

Sy was skaam toe sy 'n kind was. Is sy nog steeds skaam? Verduidelik jou antwoord.

Hoe voel sy oor die mense van Suid-Afrika?

91

Meer oor Zolani

DATUM

Ons skryf

Verander hierdie stellings in vrae. Gebruik die woorde tussen hakies.

Sy het musiek en drama studeer. (wat)

Sy het aan die Universiteit van Kaapstad studeer. (waar)

Haar ma het haar geïnspireer. (wie)

Sy wil in 'n TV-reeks speel. (wat)

Sy komponeer haar musiek uit haar hart uit. (hoe)

Ons skryf

Skryf hierdie sinne oor deur met die woord "Môre" te begin.

Zolani skryf liedjies uit haar hart uit.

Die lewe, mense en verskillende ervarings laat haar sing.

Mense en ervarings inspireer haar.

Sy het universiteit toe gegaan om drama en sang te studeer.

Sy gee haar handtekening vir mense.

Ons skryf

Skryf die volgende sinne in die indirekte rede oor.

Ek hou daarvan om te sing. Mense, die lewe en ervarings inspireer my. My ma inspireer my ook.

Aron het gesê dat

Ek is nie meer skaam nie. Ek is mal daaroor om nuwe mense te ontmoet, met hulle te gesels en my handtekening vir hulle te gee.

Aron het gesê dat

Sy is 'n talentvolle sanger en liedjieskrywer. Sy sing uit haar hart uit en skryf liedjies waarvan mense hou.

Aron het gesê dat

Vir die pret

Freshlyground wil 'n konsert hou. Hulle vra jou om 'n plakkaat daarvoor te maak.
Sluit op jou plakkaat inligting in oor:

- Die plek, datum en tyd van die konsert
- Die koste van die kaartjies
- Die liefdadigheidsorganisasie wat sommige van die fondse sal kry wat deur die konsert ingesamel sal word

Maak jou plakkaat helder en vrolik.

Teacher:
Sign:
Date:

92

'n Beroemde mode-ontwerper

DATUM

Ons praat

- Gesels met jou maat oor waar jy jou klere koop.
- Gesels oor die tipe klere wat julle graag dra.
- Sou jy graag wil leer om jou eie klere te maak? Sê waarom.
- Het jy al ooit probeer om klere vir jouself te ontwerp? Sou jy graag wil probeer om dit te doen?

Ons lees

The Guardian, Kaapstad – Lesego Malatsi, 'n jong ontwerper van Soweto, het vandeesweek sy **debuut** by die Londense Modeweek gemaak.

Gedurende die Londense Modeweek het 'n baie jong en senuweeagtige ontwerper sy eerste verskyning op 'n internasionale **loopplank** gemaak.

Lesego Malatsi is 'n jong man van Soweto wie se reis van flenters na **couture** net so besonders soos sy klere is. "Ek het nooit gedroom dat ek my klere op die **internasionale** verhoog sou kan vertoon nie," sê Malatsi. "Ek het nooit besef dit kan gebeur nie, en dit is baie opwindend."

"Ek wou nog altyd mode-ontwerp gaan studeer en my ma het haar klein pensioen gebruik om my skool toe te stuur. Dit was moeilik om mode-ontwerp te studeer, omdat dit een loopbaan is wat baie geld kos. Dit was dus nie maklik nie, maar ek wou goeie opleiding kry."

Nadat hy kollege voltooi het, het Malatsi hulp van Richard Branson se sakestigting ontvang. Hy het Mzansi Designers Emporium begin. "Daar is hope talent in Afrika. Dit het my laat besef hoe belangrik sukses is, sodat ek ander mense ook kan help." Malatsi het nou 17 mense wat vir hom werk.

"Suid-Afrika word as die reënboognasie beskryf, en ek dink my gebruik van kleur weerspieël dit. Ek probeer ook om mense se siening van hoe klere gedra behoort te word, te verander."

Malatsi is gereed om Suid-Afrikaanse **kreatiwiteit** na Europa te bring. "Ek is 'n jong man van Soweto, maar ek wil hê dat mense oral ter wêreld my klere moet koop," sê hy.

Ons pas

Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek neer.

debuut	verhoog
loopplank	globale; wêreldwye
couture	skeppendheid
internasionale	mode-ontwerp
kreatiwiteit	eerste verskyning

NUWE WOORDE

Ons skryf

Lees weer die verslag en skryf antwoorde op die volgende vrae neer.

In watter koerant het die nuus oor Lesego verskyn?

Hoe het Lesego daaroor gevoel om sy klere in Londen te vertoon?

Was dit vir Lesego maklik om kollege toe te gaan om mode-ontwerp te studeer? Verduidelik waarom.

Is sy klere bont en kleurvol of vaal en kleurloos? Sê waarom.

Dink jy mense oorsee sal sy klere koop? Sê waarom.

93 Werk met ontwerpe

DATUM

Ons skryf

Skryf hierdie sinne oor en vul die punte, kommas, vraagtekens en hoofletters in.

lesego malatsi het londen toe gegaan om sy klere te vertoon

lesego het gevoel dat dit belangrik is om iets te studeer waarin hy belangstel

op kollege het hy ontwerp snywerk en naaldwerk asook engels en tswana studeer

het jy al gedink oor die klere wat jy oorsee gaan vertoon

hoeveel mense wil jy in diens neem

Vir die pret

Lesego het jou skool besoek om oor mode-ontwerp te gesels.

Hy het jou gevra om 'n prentjie van 'n waarlik buitengewone uitrusting te teken.

Teken jou prentjie in hierdie raampie.

Ons skryf

Skryf nou 'n paragraaf om jou uitrusting te beskryf.

Ons skryf

Maak vrae van die volgende stellings.

Ek het op kollege mode-ontwerp studeer.

Waar

Ek maak kleurvolle klere vir 'n reënboognasie.

Wat

Ek is kreatief en wil pragtige klere maak.

Waarom

Ek het hulp van die Richard Bransonstigting ontvang.

Hoe

Ek gaan die einde van die jaar Londen toe.

Wanneer

My ma het my finansieel gehelp.

Wie

Vir die pret

Soek hierdie woorde in die woordraaisel.

Materiaal

Romp

Salon

Mode

Loopplank

l	a	m	o	d	e	g
o	c	a	z	f	x	s
o	a	t	w	a	l	k
p	d	e	i	s	t	n
p	d	r	o	m	p	o
l	f	i	a	i	e	l
a	g	a	x	o	v	a
n	a	a	o	n	s	s
k	c	l	s	a	b	x

DATUM

94 Mode

Ons lees

Ouma se naaldwerkboks

Tolletjies garing en naalde
Klein kussinkies vol bont kopspelde
in Ouma se naaldwerkboks
was daar niks wat jy nie kon kry!

Ouma sou oupa se sokkies stop of knope aan sy hemde werk.
Sy't altyd die regte kleure gekies en haar nooit vir my vervies

Ek kon deur ouma se naaldwerkboksie snuffel
My eie skatkis, nes ek wil
Ek kon met bont knope speel
En leer om prentjies te stik van 'n haas en 'n beer

Sy't my klein vingertjies gehelp
om pastelgaring in my naald te ryg
ek sal nooit Ouma se naaldwerkboks vergeet
dit het my alles geleer wat ek weet.

Linda Winchell (aangepas)

Ons pas

Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek neer.

tolletjies	kwaad word
stop	soek deur
vervies	ligte, bleek kleur
snuffel	spoeletjies
pastel	met naald en garing regmaak

Ons skryf Lees weer die gedig en skryf antwoorde op die volgende vrae neer.

N U

Met watter drie dinge in haar ouma se naaldwerkboksie speel die dogtertjie graag?

Sy het gedink dat haar ouma se naaldwerkboksie soos 'n skatkis is. As jy 'n skatkis gehad het, wat sou jy daarin sit? Skryf drie spesiale goed neer.

Haar ouma het haar gewys hoe om 'n hasie en 'n skoenlapper met naald en garing te maak. Dink jy dit was vir haar maklik om dit te maak? Sê waarom.

Die dogtertjie se ouma het op 'n plaas gewoon. Waar dink jy het die dogtertjie gewoon? Sê waarom jy so sê.

Die meisie het met pastelkleure naaldwerk gedoen – kleure wat lig en bleek is. Watter kleure sou jy kies om mee naaldwerk te doen? Sê waarom.

Ons skryf Die dogtertjie het 'n spesiale verhouding met haar ouma gehad. Is daar enigiemand met wie jy 'n spesiale verhouding het? Skryf 'n paragraaf waarin jy sê met wie jy so 'n verhouding het, en waarom.

Teacher:
Sign:
Date:

95

'n Besoek aan jou ouma

DATUM

Ons skryf Daar is iets verkeerd met die werkwoorde in die sinne hieronder. Maak die foute reg.

Ek sal verlede week my ouma besoek.

My maat het al baie naaldwerk gedoen en sal skoenlappers en hasies gemaak het.

Ek het nog nooit so 'n pragtige skatkis sien nie.

Hoe laat het ons môre op ouma se plaas aankom?

Het jy gister die knope aan die hemp vaswerk?

Ons skryf Gebruik maar of want om hierdie sinne aan mekaar te verbind.

Ek was al op my ouma se plaas. Ek was nog nooit in 'n groot stad nie.

Ek het verlede week die bus plaas toe geneem. Ek het my ouma gaan besoek.

Ek het na die kaart gekyk. Ek wou uitvind waar my ouma woon.

Ek het per bus vir my ouma gaan kuier. Ek het nog nooit per vliegtuig vir haar gaan kuier nie.

Ons skryf

Jy wil jou ouma gaan besoek. Skryf vir haar 'n brief waarin jy vra of jy haar kan kom besoek. Jy moet eerstens die koevert adresseer. Dink enige adres vir jou ouma uit.

W O O R D E

Ouma se naam

Haar adres

Poskode

Ons skryf

Skryf nou die brief.

Skryf jou adres hier.

Datum

Liewe _____

Begin met die regte aanhef.

Sê waarom jy die brief skryf.

Vertel jou ouma hoe lank jy by haar wil kuier en die datum waarop jy wil gaan.

Sluit jou brief met 'n behoorlike slot af, soos Liefde.

Skryf jou naam..

Teacher:

Sign:

Date:

7

DATUM

96 Besoek die biblioteek

Ons praat

- Het jou skool 'n biblioteek?
- Indien nie, behoort jy aan 'n biblioteek?
- Indien nie, wil jy graag aan een behoort? Sê waarom.
- Watter soort boeke lees jy graag?
- Vertel vir die klas 'n storie waarvan jy hou en sê waarom jy daarvan hou.

Ons lees

Ons skool hou 'n **leesmarathon** en ons gaan in die volgende paar weke baie verskillende stories, boeke en gedigte lees. Ons onderwyser neem ons vandag biblioteek toe sodat ons ons eie boeke kan uitkies en om ons te wys waar om die boeke te kry.

Ons moet elkeen 'n onderwerp kies waarin ons belangstel – en my groep stel in verskillende soorte musiek belang.

Die bibliotekaris, meneer Mabala, stem in om ons in die biblioteek rond te neem en vir ons te wys hoe om die biblioteek te gebruik. Hy neem ons na die katalogus toe en wys ons hoe om **inligting** na te slaan. Ons moet eers in die vak-katalogus kyk, en daarna in die geklassifiseerde **katalogus**.

Music
781.646 COH

COHEN, Mirriam
Reggae - A History
2010

ISBN 0-12345-123-1

Ons soek na "musiek" in die vak-katalogus. Die vak-katalogus is in **alfabetiese** volgorde gerangskik. In die afdeling wat "M" gemerk is, vind ons 'n kaartjie wat só lyk.

"Kyk Eva, die nommers langs die verskillende onderwerpe word klassifikasienommers genoem," verduidelik meneer Mabala. "Klassifikasienommers is soos 'n kode. Alle feitelike of niefiksieboeke het hierdie kodes. Daar is 'n kode vir elke onderwerp."

"Dus is die nommer vir reggae-musiek 781.646," sê ek. "Maar hoe help hierdie nommer my?"

Meneer Mabala stap na die geklassifiseerde katalogus. "Die geklassifiseerde katalogus is 'n lys van al die feite-boeke in die biblioteek en is in onderwerpe **gerangskik**, onder hul onderwerpkodes," verduidelik meneer Mabala. "Kyk onder 781.646 en jy sal al die boeke in die biblioteek wat oor reggae-musiek handel, daar vind."

Ek kyk al die kaartjies in die 781.646-groep deur. Ek kry 'n kaartjie wat nuttig lyk:

781.646 COH
COHEN, Mirriam
Reggae – a history.
2010

Hierdie boek lyk of dit **geskik** kan wees" sê ek, "maar waar in die biblioteek sal ek dit kry?"

Meneer Mabala wys my hoe die kodes nie net vir die katalogus is nie. In die biblioteek is al die feitelike boeke op die rakke ook volgens daardie kodes in numeriese volgorde gerangskik. Ek soek dus eerstens na 780 en dan na 781.646. en daar vind ek die boek!

"Baie dankie vir al u hulp, meneer Mabala. Ek sal u die volgende paar weke dikwels sien."

"Ek hoop jy sal nou gereeld die biblioteek kom besoek," sê meneer Mabala.

NUWE WOORDE

Ons pas

Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek neer.

leesmarathon	feite en syfers
inligting	volgens die letters van die alfabet georden
katalogus	organiseer
alfabetiese	reg
rangskik	lys; lêer
geskik	lang leeskompetisie (soos 'n marathon)

Ons skryf

Lees weer die gedeelte en skryf dan antwoorde op die volgende vrae neer.

Wat dink jy is 'n leesmarathon?

Eva stel belang in boeke oor musiek. Watter feite-boeke sou jy uitneem?

Wat is klassifikasienommers?

Waar sal jy 'n lys met die name van al die feite-boeke in 'n biblioteek kry?

Feite-boeke word ook niefiksie genoem. Storieboeke word fiksie genoem. Van watter soort boeke hou jy die meeste? Sê waarom.

Teacher:
Sign:
Date:

97

Oor 'n leesmarathon

DATUM

Ons skryf

Het jou skool al ooit 'n leesmarathon gehou? Indien wel, skryf drie dinge daaroor neer wat jy geniet het.
As jou skool nog nooit een gehou het nie, sê waarom jy dink jou skool 'n leesmarathon moet hou. Skryf drie redes neer.

Ons skryf

Maak 'n vloeidiagram. 'n Vloeidiagram wys hoe dinge ná mekaar gebeur. Kyk na die voorbeeld van 'n vloeidiagram regs.

Maak nou jou eie vloeidiagram sodat jy 'n storie oor jou besoek aan die biblioteek kan skryf.

Eerste

Dan

Volgende

Daarna

Laastens

Eerstens word ek wakker.

Dan trek ek aan.

Volgende eet ek my ontbyt.

Daarna haal ek die bus.

Laastens arriveer ek by die skool.

Ons skryf

Verbeel jou jy ken 'n kitaarspeler wat 'n elektriese kitaar het. Hy speel tradisionele asook die nuutste musiek. Gebruik hierdie vraagwoorde om meer oor sy kitaar uit te vind.

Hoe | Wie | Waar | Waarom | Wat

- [ ] Waarvan is dit gemaak?
- [ ] Waar kom die klank vandaan?
- [ ] Het die kitaar snare?
- [ ] Wie het jou kitaar gemaak?
- [ ] Hoe maak die kitaar sy klank?

Ons skryf

Onderstreep die woorde in elke groepie wat met die eerste woord rym.

klank	weg	rond	rank
string	bring	dink	klink
boek	stook	soek	rok
lees	voer	ver	mees
rots	slot	kyk	trots

Teacher:
Sign:
Date:

DATUM

98 Ons lees

Die biblioteek

Ons biblioteek by Rietvlei-laerskool is 'n **lewendige**, besige en opwindende plek. Ons biblioteek **bars uit sy nate** uit met 'n goeie **voorraad** wonderlike boeke. Die leerders hou baie van lees. Daar is dikwels voor skool, tydens pouses en na skool rye kinders wat die nuutste boeke by die uitreiktoonbank wil uitneem. Geletterdheids- en inligtingsvaardighede word tydens biblioteeksessies onderrig. Huiswerkklasse word elke Maandag tot Donderdag van 14:35 tot 15:35 in die biblioteek gehou.

Ons biblioteek word nou bestuur deur juffrou Theron en haar deeltydse assistent, juffrou Mathumbe. Daar is ook 'n span van tien Graad 5-biblioteekmonitors wat help om die biblioteek te bestuur.

Leesmarathon

Elke jaar hou Rietvlei 'n **leesmarathon**. Die doel van die leesmarathon is om die kinders aan te moedig om soveel moontlik in die week van die leesmarathon te lees. Die leesmarathon is ook 'n fondsinsamelingsgeleentheid vir die skool, aangesien lesers **geborg** word. Vanjaar se tema vir die leesmarathon was "Ek is Mal oor Lees ".

Die leesmarathon het gedurende die tweede kwartaal tydens 'n spesiale leesmarathon-saalopening afgeskop. *Teatersport* het verskillende soorte stories as hul tema gebruik en die kinders met hul briljante **geïmproviseerde** toneelspel vermaak. Ons Graad 5-leerders het die skool deur sang en musiek aangemoedig om te lees. Die biblioteekmonitors het op die vuvuzelas geblaas en ons eie pryssangers het gesing-praat "Ons gaan lees, lees, lees!" Elke klas in die skool het 'n land gekry waaroor hulle moes leer en daar was ook 'n deurkompetisie. Die klasse wat hul deure met die beste simbole en prentjies van hulle land versier het, het pryse gewen. Die klasse het **entoesiasties gereageer** en gesonde kompetisie het tussen lesers en klasse ontstaan.

Ons pas

Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek neer.

lewendige	versameling
bars uit sy nate	onvoorbereide
voorraad	befonds
geborg	opgetree
geïmproviseerde	geesdriftig
entoesiasties	oorvol
gereageer	opgewekte; vrolike

NUWE WOORDE

Ons skryf

Lees weer die gedeelte en skryf antwoorde op hierdie vrae neer.

Waarom, dink jy, gebruik die kinders by Rietvlei-laerskool die biblioteek so graag?

Wat is die doel van 'n leesmarathon?

Wat was die tema van hul leesmarathon?

Wat beteken die frase "skop af"?

Wanneer word hierdie frase gewoonlik gebruik?

As iemand jou sou vra van watter land jy graag meer sou wil leer, watter land sou jy kies? Sê waarom.

Verduidelik in jou eie woorde hoe die kinders op die leesmarathon en kompetisie gereageer het.

Teacher:
Sign:
Date:

99

Skryf vir 'n leesmarathon in

DATUM

Ons skryf

Julle klas het besluit om vir julle skool se leesmarathon in te skryf. Hulle het jou gevra om die vorm in te vul. Vul al die besonderhede so volledig moontlik in.

Inskrywingsvorm vir Leesmarathon

Naam van skool	
Adres van skool	
Provinsie	
Skool se telefoonnommer	
E-posadres	
Graad	
Naam van onderwyser	

Ons skryf

Gebruik **hierdie** en **daardie** om die volgende sinne te voltooi.

My onderwyser het vir my *Die Bergkonyn* gegee om te lees. Ek het dit baie geniet om _____ boek te lees.

Ons klas gaan vir die leesmarathon inskryf. Ek moet _____ vorm invul.

_____ boeke is myne, nie joune nie. Los dit asseblief uit.

Jy kan _____ boeke uitneem. Niemand het hulle al ooit uitgeneem nie.

Dit is my boek _____ en jou boek _____.

Waar is _____ digbundels? Dit is dié waarna ek soek?

Ons skryf

Skryf 'n paragraaf waarin jy sê waarom jy aan die leesmarathon wil deelneem. Skryf ook die titels van vyf boeke wat jy graag sou wil lees neer en sê waarom jy hulle sou wil lees.

Waarom ek vir die leesmarathon wil inskryf.

Vyf boeke wat ek graag sou wil lees.

Ons skryf

Vul elke raampie in hierdie tabel in. Die name wat jy invul, moet met die letters in die eerste kolom begin. Onthou om hoofletters te gebruik.

	Meisie se naam	Seun se naam	Boek se naam	Land se naam
R				
E				
A				
D				
I				
N				
G				

Teacher:
Sign:
Date:

DATUM

100 Verkies 'n klasleier

Ons praat

Kyk na die prentjies en gesels met 'n maat daaroor.

- Vir watter persoon sou jy stem? Sê waarom.
- Het julle 'n klasleier?
- Wat doen die klasleier?
- Word die klasleier deur die res van die klas verkies?
- Indien wel, na watter eienskappe kyk jy wanneer jy 'n klasleier verkies?

Ons lees

Mpho kan nie wag om mejuffrou Mathe se groot **aankondiging** te hoor nie. Sy't 'n gevoel dat dit iets met 'n klas**kompetisie** te doen het. Mpho hou baie van kompetisies. Sy gee nie om wat die prys is nie. Sy hou net baie daarvan om **deel te neem** en sy hou veral daarvan om te wen.

"Nou maar reg, almal," sê juffrou Mathe, "van vandag af sal ons 'n klasleier vir elke maand verkies. Die persoon wat **verkies** word, sal my help om vraestelle uit te deel, materiaal te **versprei** en op die swartbord te skryf. Hy of sy sal ook besluit wat die tema vir die klasprojek vir daardie maand sal wees."

Mpho kan skaars stilsit. Dit is 'n kompetisie. Sy moet net wen.

Juffrou Mathe hou 'n goue sterbalkie op. "Die klasleier sal gedurende skoolure hierdie balkie dra."

Mpho se oë rek. 'n Blink, goue balkie! As sy daardie balkie dra, sal almal weet dat sy 'n wenner is.

"Dit is 'n groot verantwoordelikheid," sê juffrou Mathe. Ek wil dus vra dat leerders hulleself net moet **nomineer** as hulle voel dat hulle die werk behoorlik sal kan doen."

Mpho luister omtrent nie meer nie. Sy sien al klaar hoe sy die goue balkie dra. Sy hoor die geluid van kryt op die swartbord en sien hoe juffrou Mathe 'n lys name neerskryf.

"Wil enigiemand anders nog as klasleier vir hierdie maand genomineer word?" vra juffrou Mathe.

Mpho se hand skiet in die lug op. "Ek wil genomineer word," sê sy.

Juffrou Mathe voeg Mpho se naam by die lys.

Mpho kyk na die lys name. Tembi se naam is ook op die lys. Mpho kyk na haar beste maat wat langs haar sit.

"Alles van die beste," sê Tembi. "Ek sou baie graag die klastema vir die maand wil kies. Ek het so 'n goeie idee daarvoor!"

Mpho voel skielik 'n bietjie skuldig. Tembi wil nie net wen nie; sy wil die klas help.

"Wil enigiemand die klas vertel waarom hulle hierdie maand se klasleier wil wees?" vra juffrou Mathe.

Mpho steek haar hand op. "Ek dink almal behoort vir Tembi te stem. Sy het 'n wonderlike idee vir die klasprojek en sy help juffrou Mathe altyd om vraestelle uit te deel. Sy sal 'n uitstekende klasleier wees."

Almal knik.

"Baie dankie," sê Tembi. "Maar ek dog jy wil ook klasleier wees."

Mpho haal haar skouers op. "Volgende maand is nog 'n maand."

NUWE WOORDE

Ons pas

Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek neer.

aankondiging	voorstel; benoem
kompetisie	uitdeel
deel te neem	selekteer
verkies	mededinging in 'n wedstryd
versprei	wedstryd
nomineer	boodskap; kennisgewing

DATUM

101 Verstaan die storie

Ons skryf

Lees weer die gedeelte op die vorige werkkaart en skryf dan antwoorde op die volgende vrae neer.

Waarom wou juffrou Mathe 'n klasleier verkies?

Hoe het die klas die klasleier verkies?

Waarom wou Mpho die klasleier word?

Dink jy dat haar redes goeie redes was? Sê waarom.

Waarom wou Tembi die klasleier word?

Dink jy dat haar redes goeie redes was? Sê waarom.

Watter les het Mpho geleer? Merk die regte antwoord.

A	Dit is belangriker om te wen as om vriende te maak.	
B	Vriendskap is belangriker as om 'n kompetisie te wen.	
C	Dit is 'n groot verantwoordelikheid om klasleier te wees.	
D	'n Mens moet altyd aanbied om nuwe aktiwiteite te doen.	

Wat sou jy gedoen het as jy Mpho was? Sê waarom.

Ons skryf

Voltooi die geheuekaart. Vul die verskillende pligte van 'n klasleier in die borrels in.

Ons skryf

Jy wil graag tot klasleier verkies word. Skryf 'n toespraak waarin jy die klas vertel wat jy vir hulle sal doen en waarom hulle jou moet verkies.

Teacher:
Sign:
Date:

102

Verstaan 'n advertensie

DATUM

Ons lees

Die skoolwinkel het ingestem dat julle klas die wins op die verkoop van 'n ou voorraad T-hemde kan kry. Lees die advertensie.

Nou oop!

Rietvlei-laerskoolwinkel

Ons is net langs die Rekenaarlaboratorium,
oorkant die biblioteek, **geleë.**
Oop elke dag tydens eerste pouse en na skool tot 16:00.

Penne
Potlode
Eksamenskrifte
Notaboeke
Sportsakke
Waterbottels
Nuut!! Sleutelkettings
T-hemde vir die Rietvlei-arende: S, M, L
Liggrys met vlootblou letters: Rietvlei-arende

Ons moet ons voorraad van verlede jaar se T-hemde verkoop om plek te maak vir 'n groot **verskeidenheid** nuwe style en kleure. Dit beteken GROOT besparings vir jou! Kom en kyk na die **opruimingsafdeling**! Al die wins gaan na die Graad 5-klas.

Moenie vergeet om vir die Rietvlei-arende se tekenkompetisie in te skryf nie. Jy kan 'n koop**bewys** wen wat jy vir skoolprodukte in ons winkel kan ruil.

RIETVLEI-ARENDE-TEKENKOMPETISIE

Naam _____ Graad _____

Plaas jou inskrywing in die boks naby die sekretaresse se kantoor.

Ons pas

Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links.
Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek neer.

geleë	reeks
verskeidenheid	skoonmaak
opruiming	koepon
bewys	wissel
ruil	geplaas

Ons skryf

Lees weer die gedeelte en skryf antwoorde op die volgende vrae neer.

Dink jy die winkel is nuut, of is dit al lank daar? Sê waarom.

Wanneer is die winkel oop?

Wat sou jy by die winkel gekoop het as jy 'n leerder by daardie skool was? Sê waarom.

Wat moet jy koop as jy die Graad 5's se fondsinsamelingsprojek wil ondersteun?

Watter belangrike inligting is uit hierdie advertensie weggelaat?
Sê waarom jy dink dit belangrik is.

Wie dink jy is die Arende?

Teacher:
Sign:
Date:

DATUM

103 'n Tekenkompetisie

Ons doen

Jy het besluit om vir die Rietvlei-arende se tekenkompetisie in te skryf.

1 Teken jou skets in die raampie.
2 Skryf 5 reëls om jou tekening te verduidelik.

Ons skryf

Maak hierdie deurmekaar sinne reg.

belangrik lees boeke baie te om dit is verskillende

gegee om te lees oor my onderwyser Nelson Mandela

boeke lees twee elke maand ek

om aan te sluit ek by die my maat en biblioteek besluit

onderwyser help die papiere elke dag ek uit te deel

Ons skryf

Gee die meervoude en verkleiningswoorde van die volgende woorde in die volgende tabel.

	Meervoud	Verkleiningswoord
bad		
stoel		
vat		
beeld		
stomp		
brand		
rot		
brood		
vent		
sport		
veld		

Vir die pret

Pas die woorde in pare.

koppie	syfers
letters	maan
brood	plat
son	af
rond	botter
op	hare
donker	nag
syne	lig
dag	piering

DATUM

104 Nou lees ons 'n fabel

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels met jou maat daaroor.

- Verkies jy die dag of die nag? Vertel vir die klas waarom.
- Verduidelik aan die klas hoe jy dink die dag en nag ontstaan het.

Ons lees

Lank, lank gelede het die son en die maan saam diep in 'n grot gewoon. Omdat hulle weggesteek was, was die enigste lig wat op hulle geskyn het, dié van die vonkelende sterre.

Na 'n ruk het die son en die maan moeg geword daarvoor om in 'n klein grotjie te bly. Die son, wie se **vurige persoonlikheid** hom **ongeduldig** en soms **baasspelerig** gemaak het, het gesê: "Ek moet alleen in hierdie grot bly. Gaan soek vir jou 'n nuwe huis."

Die maan, wat sagmoedig en geduldig was, het gesê, "Waarheen moet ek dan gaan?"

"Gaan bly iewers in die lug," het die son gesê. "Daar is baie plek daar."

Die maan was 'n bietjie bang en hartseer toe sy by die grot uittrek, maar sy het dapper in die lug gaan woon. Omdat sy maar net 'n dun, silwer maan was, het sy skaam agter 'n paar wolke gaan skuil. Stadig maar seker het sy elke dag meer van haar gesig gewys. Gou het haar hele, helder gesig die lug verhelder. Almal het begin praat oor hoe pragtig sy is en hoeveel hulle haar sagte lig geniet.

Toe die son dit hoor, was hy baie jaloers. Hy het uit die grot uit gehardloop en in die lug in gespring. Toe die maan die son in die lug sien opkom, het sy weggehardloop. Sy het aanhou terugkyk na die son toe. Na 'n rukkie kon niemand die maan meer sien nie.

Nou het die son die hele lug vir homself gehad. Hy het sy helder sonlig trots in alle rigtings gestuur. Die son het die koue aarde verhit en die groen plante en pragtige blomme laat groei. Mense het die son begin prys en hy het baie **windmakerig** begin raak.

Maar hy het gou alleen begin voel, omdat hy niemand gehad het om mee te praat nie. Die son het besluit om die maan te gaan soek. Die maan het besluit dat dit nou weer veilig was om in die grot te gaan wegkruip. Toe die son naby die grot kom, het die maan uitgehardloop en in die lug in gespring.

"Ag, maan," het die son geroep. "Wag asseblief. Ek's jammer."

Die maan het die son nie vertrou nie. Hy was darem baie onbeskof teenoor haar. Toe die son weer in die lug aankom, het die maan in die grot gaan wegkruip.

Tot vandag toe kan die son nie die maan vang nie. Die maan kruip in die grot weg wanneer die son bo in die lug is. Sy spring eers weer terug in die lug in wanneer die son na die grot terugkeer.

NUWE WOORDE

Ons skryf

Lees weer die storie en merk die regte antwoorde, of skryf die antwoorde op die volgende vrae neer.

Wat sal die beste vraag wees om te vra as jy wil weet waarom dit lyk asof die maan gedurende die maand van vorm verander?

A	Hoe naby is die maan aan die aarde?	
B	Waarom is dele van die maan soms donker?	
C	Wanneer het mense die eerste keer na die maan gereis?	
D	Waarom kan 'n mens die maan partykeer gedurende die dag sien?	

As jy wil verstaan hoe die maan aan die begin van die storie voel, moet jy aan die volgende dinge dink:

A	hoe dit voel wanneer iemand anders baasspelerig en windmakerig is	
B	waarom die son die aarde verhit en die plante help groei	
C	waarom die vorm van die maan verander	
D	hoe dit voel wanneer iemand eensaam is	

Volgens die storie kan die son vergelyk word met 'n

A	trotse pou	
B	skaam muis	
C	sterk leeu	
D	besige by	

Wat omtrent die maan beskryf die volgende sinne?

Omdat sy maar net 'n dun, silwer maan was, het sy skaam agter 'n paar wolke gaan skuil.
Stadig maar seker het sy elke dag meer van haar gesig gewys.
Gou het haar hele, helder gesig die lug verhelder.

A	Die kleur van die maan	
B	Die afstand van die maan van die aarde af	
C	Die veranderinge van die maan gedurende die maand	
D	Die skoonheid van die maan	

Watter woorde aan die begin van die storie vertel ons dat die son nie baie vriendelik is nie?

Waarom het die son in die lug in gespring?

Wat probeer die storie verduidelik?

Teacher:
Sign:
Date:

105 Skryf oor 'n fabel

DATUM

Ons pas

Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek neer.

vurige	aard; temperament; karakter
persoonlikheid	onverdraagsaam; nie geduldig nie
baasspelerig	trots
ongeduldig	oorheersend
windmakerig	vlammende; warm

Ons skryf

In die storie het die son en die maan verskillende persoonlikhede. Skryf twee reëls waarin jy sê watter soort persoonlikheid die son het.

Skryf nou twee reëls waarin jy sê watter soort persoonlikheid die maan het.

Ons doen Teken prentjies van hoe jy dink die son en die maan lyk.

Beskryf die maan en 'n persoon in jou lewe wat soos die maan is.

Beskryf nou die son en 'n persoon in jou lewe wat soos die son is.

Ons skryf Skryf die meervoude van die onderstreepte woorde neer.

Ek het een <u>aartappel</u> geëet, maar my klein boetie het vyf _____ geëet.

Ons <u>biblioteek</u> is net soggens oop, maar ander _____ is heeldag oop.

Sneeuwitjie het een <u>dwergie</u> gesien. Ses ander _____ het om die hoek gewag.

Is dit beter om een <u>kind</u> te hê, of baie _____?

Ons het een <u>kerk</u> in ons dorp, maar die dorp waar Mpho woon, het drie _____.

DATUM

106 Haal sin uit woorde

Ons lees

Wanneer ek by 'n woord vashaak
Kan ek baie planne maak
Ek kan dit self doen, dit is waar
Kom ons kyk hoe ek nou vaar:
Ek kan na die prentjies kyk
Of dink waaroor die storie gaan
Ek kan die eerste letter klank
Om só die woordjie te verstaan
Ek kan die woord in stukkies deel
soos -ing of -eer
Of klein woordjies in die langes soek:
sneeu-bal, kos-kas en trou-koek!
Ek kan dink aan woorde wat daar pas
of raai, "biep" sê - haak net nie vas!
Lees tot die einde van die sin
al raak my idees nou baie min.

Dink oor die woord wat jy wil sê
Het dit sin? Is dit wat jy wil ( )?
Lyk al die letters reg vir jou?
Doen al die regte dinge ( )!
As die woord my steeds ontwyk
eers dan sal ek vra sonder om dom te lyk

(Jill Marie Warner)

Ons pas

Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek neer.

vashaak	hardop sê
klank	bal gemaak van sneeu
koskas	nie kry nie
sneeubal	kas waarin 'n mens kos bêre
ontwyk	kan nie voortgaan nie

Ons skryf

Lees weer die gedig en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.

Die kind wil nuwe woorde sonder enige hulp leer. Waarom dink jy is dit so?

Skryf drie dinge neer wat sy kan doen om haar te help om nuwe woorde te verstaan.

Wat dink jy bedoel sy wanneer sy sê "Raai of biep sê" en "lees tot aan die einde van die sin"?

Wanneer sal sy hulp vra?

Verduidelik wat jy moet doen wanneer jy 'n woord wat jy lees, nie verstaan nie.

Ons skryf

Voltooi die sinne deur die beste woorde in die raampie te gebruik.

in | op | boontoe | ondertoe | voor | na | by

As ek 'n woord nie verstaan nie, soek ek dit in 'n woordeboek _____

Kyk _____ die prentjie om te sien of dit jou help om die sin te verstaan.

Wat moet ek doen as ek by 'n woord _____ 'n boek vashaak?

Ek weet dat "i" _____ "e" kom in woorde soos "fiets".

Ek lê _____ die bed wanneer ek 'n boek lees.

DATUM

107

Meer oor lees

Ons skryf

Breek hierdie saamgestelde woorde in aparte, enkelvoudige woorde op. Skryf dan sinne met elke enkelvoudige woord.

Hommelby

Reënjas

Aandete

Ons skryf

Die woorde aan die einde van die reëls rym. Kyk na die eerste twee reëls. Vul nou die spasies in sodat die woorde rym. Maak seker dat die gedig sinvol is.

Lyk al die letters reg vir jou?
Doen die regte dinge gou!
(KRY DIT NOG STEEDS NIE?)
Lees dit weer van die begin tot aan die einde.

Wanneer jy by die moeilike deel kom, moenie stop .
Bly net kalm en hou _____.
Kry jou mond gereed maar lees weer 'n keer.
Lees tot aan die einde en probeer dan _____.
(EN NOU … ons probeer weer)
Dink oor die woord wat jy wil sê.
Het dit sin? Is dit wat jy wil _____?
Lyk al die letters reg vir jou?
Doen al die regte dinge _____!

Ons skryf

Verduidelik wat die volgende idiome beteken.
Maak dan 'n sin met elkeen.

Iets aandik:

Betekenis:
Sin:

Bak en brou:

Betekenis:
Sin:

Op iemand peil trek:

Betekenis:
Sin:

Op die draad sit:

Betekenis:
Sin:

As die kat weg is, is die muis baas:

Betekenis:
Sin:

Idiome is woorde, frases of uitdrukking wat iets anders beteken as die letterlike betekenis van die woorde.

Ons skryf

Jou maat sukkel om nuwe woorde te lees en te verstaan. Skryf 'n lys dinge neer wat sy kan doen om haar leesvaardighede te verbeter. Onthou, wanneer jy 'n lys neerskryf, moet jy dinge onder mekaar neerskryf. Jy moet ook die items in jou lys nommer.

Teacher:
Sign:
Date:

DATUM

108 Vertel 'n storie

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels met jou maat daaroor.

- Wat is jou gunstelingstorie?
- Vertel 'n deel van jou storie vir die klas.
  Vra nou iemand anders om die storie te voltooi

Ons lees

"Masechaba!" blaf juffrou Ngoma. "Dis genoeg! Jy gaan tronk toe nes die res van ons, en dis klaar."

"Maar …" begin ek stry.

Merriem stamp my met haar elmboog in my ribbes. "Bly stil, anders gaan ons nêrens heen nie," sis sy.

"Maar waarom kan ons nie op die laaste skooldag eerder gaan ysskaats nie?" vra ek. "Of rekspring? Of iets prettigs doen nie?"

Juffrou Ngoma ignoreer my. "Nou, klas, soos julle weet, is die tronk deur bandiete gebou. Wie kan vir my sê wanneer dit gebou is?"

Merriam se hand skiet op, natuurlik. Ek gluur haar aan. Merriam is my tweelingsussie. Die goeie een van die tweeling. Die verantwoordelike een. Dit is waarom juffrou Ngoma ons die hele jaar langs mekaar laat sit. Sodat ek aandag kan skenk.

Om aandag te skenk, is nie my sterk punt nie. Ek het 'n ooraktiewe verbeelding en 'n onderaktiewe **vermoë** om te **konsentreer**. Dit is wat dit op my skoolrapporte sê.

"Wat's die probleem, is jy bang?" kom 'n stem van agter my. Jacob.

"Sjjj," sis Merriam. "Ja," sê ek. "Sjjj."

Merriam glimlag amper vir my. Die enigste tyd wat ek en Merriam mekaar nie haat nie, is wanneer ons albei vir Jacob verafsku.

Wat, as ek nou so daaroor dink, nogal heel dikwels is. Hy's die soort kind wat kougom in jou hare en duimspykers op jou stoel plant, en hy sit nooit stil nie, nie eers vir 'n minuut nie.

"Hulle reken daardie ou tronk is vol spoke," sê Jacob. "is jy bang, Masechaba?"

"Ag asseblief," sê ek **smalend**. Maar toe voel ek iets kouds deur my ril, soos 'n winterwind. Behalwe dat dit al omtrent somer is. Ek ignoreer die rilling wat met my ruggraat afloop. Dis net Jacob wat my hoendervel gee. Wat anders kan dit tog wees?

"En maak seker julle bly almal bymekaar!" sê juffrou Ngoma terwyl ons deur die kalksteen**boog** stap. "Laat jul sakke daar en volg my."

Ek probeer na juffrou Ngoma luister terwyl sy aanhou praat oor bandiete-arbeid en gevaarlike **gevangenes** en al sulke goed, regtig, ek probeer. Ek kyk op. Die tronk is so hoog dat ek skoon duiselig word. Daar is 13 vlakke, en elke vlak is omring met selle. Mejuffrou Ngoma sê: "Reg klas, nou gaan ons na die selle kyk. Hou aan die relings vas wanneer julle met die trappe opstap."

En toe sien ek hoe Jacob na die hoop sakke toe hardloop en een gryp. Myne. Met my splinternuwe Nintendo DS daarin. Hy grynslag vir my en hardloop met 'n half weggesteekte trap op — een wat lyk of dit jare laas gebruik is.

"Jacob!" skree ek. "Kom terug!"

En sonder om te dink, volg ek hom.

Kort voor lank hyg en blaas ek en voel ek siek, maar ek gaan nie toelaat dat Jacob my sak steel nie. Plus, ek het die vreemdste gevoel dat daar iemand agter my is. Teen die tyd dat ons by die 13e vloer kom, voel my spiere soos jellie.

Jacob is reeds daar.

Hy klouter tot op die reling en begin loop asof hy op 'n akrobaatdraad is. Op die 13de vloer. Met my sak wat aan een vinger hang. Reg om dit te laat val.

"Kom kry dit!" roep hy toe hy my sien.

Van ver, ver onder ons hoor ek juffrou Ngoma skree, "Jacob! Klim af daar!"

En van agter my hoor ek vir Merriam hyg. "Wat maak jy?"

Ek draai vinnig om. "Wat maak jy hier?"

"Juffrou Ngoma het my gevra om 'n oog te hou …" begin sy, maar toe sien sy vir Jacob en haar oë rek.

"Ignoreer hom," sê sy.

"Vergeet dit," sê ek.

En ek storm na Jacob toe. Ek spring op, probeer my sak gryp, maar Jacob lig dit net hoër op. En lag.

Dan – en dit was 'n ongeluk, rêrig – stamp ek met my skouer teen sy bene. Jacob probeer sy balans hou, maar tevergeefs ...

"Help!" gil hy.

En hy val. Dertien vloere af.

"O nee," kerm Merriam. "Jy't hom doodgemaak."

Ek **trek** myself op die reling op en kyk af. Jacob lyk dood. Hy lê oop sy rug en sy bene is in verskillende rigtings gebuig.

Merriam was reg. Ek het hom doodgemaak en ek sal baie beslis tronk toe gaan. Nie 'n eks-tronk nie. 'n Regte tronk. Maar toe sien ek dat Jacob nie op die grond lê nie. Hy lê eintlik op 'n net, doer ver onder. En hy kerm, "Masechaba het my gestamp, juffrou!"

"Masechaba!" bulder juffrou Ngoma. "Kom onmiddellik ondertoe!"

Ek staan terug van die reling af. Merriam haal haar skouers op en trek haar vinger oor haar keel. Daar is net een ding om te doen.

Ek hardloop in die naaste sel in. Die deur is swaar, maar ek kry dit darem toegestamp. Dit is koud en donker, maar minstens kan niemand my hier in die hande kry nie.

Ek sug. Draai om. En snak na my asem.

"Wie – of wat – is jy?"

DATUM

109 Verstaan 'n storie

Ons pas

Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek neer.

vermoë	haat; minag nie
konsentreer	bose, lelike glimlag
verafsku	lighoofdig
smalend	prisoniers
gevangenes	minagtend
duiselig	fokus
grynslag	vaardigheid om iets te doen

Ons skryf

Lees weer die storie en skryf antwoorde op die volgende vrae neer.

Wat is die gewone betekenis van "jy gaan tronk toe"?

Wat bedoel die onderwyser wanneer sy vir die leerders sê dat hulle tronk toe gaan?

Op watter maniere verskil die tweeling?

Wat sal Masechaba eerder doen?

Waarom hou die tweeling nie van Jacob nie?

Wat het met Jacob gebeur?

Ons skryf

Kies die betekenisse in die raampie wat by die volgende frases pas..

haar reg in die gesig staar

haar hand opsteek

intense gedagtes

geleidelik onttrek

iemand laat sidder

jou lewe is in gevaar

iemand baie bang laat voel

hand skiet op

gluur haar aan

ooraktiewe verbeelding

rilling met jou ruggraat langs

gee my hoendervel

trek 'n vinger oor jou keel

staan terug

Ons doen

Voltooi die storie. Wat dink jy het met Masechaba gebeur? Skryf die raamwerk vir drie paragrawe in die regterkantse blokke. Teken prentjies om die raamwerk te illustreer in die linkerkantse blokke.

Teacher:

Sign:

Date:

DATUM

110 Lees 'n boekresensie

Ons lees

Silly Mr Harper is 'n **versameling** van drie kortverhale oor meneer Harper en die probleme wat hy met sy hare ondervind (meneer Harper raak bles), wanneer hy piekniek gaan hou (hy kon net nie die regte plek kry nie) en wanneer hy koek bak (meer as een poging was nodig). Maar te danke aan 'n paar slim en **oplettende** kinders wat met slim oplossings vorendag kom, word meneer Harper se probleme **opgelos**. Die stories sal jou kind hardop laat lag en hulle is in rymvorm geskryf, wat dit groot pret maak om dit vir die kleintjies te lees. E-pos bwp@webmail.co.za vir bestellings.

Deur Nikki Jacobs, uitgegee deur Brainwave Projects (R45)

Surfing Sally is 'n storie wat deur die lewe aan die suidewestelike punt van Afrika **geïnspireer** is. Sowel die skrywer as die **illustreerder**, Wendy McKeag, woon daar, **ingedruk** tussen die berg en die see op die Kaapse Skiereiland. Hierdie storie is vir enigiemand van 10 tot 100 jaar oud wat die vreugdes van ons natuurlike wêreld geniet. Vir Sally is branderplank ry die beste manier om die lewe te geniet. Sy en haar twee honde woon in 'n huisie naby die strand en wanneer die oseaan roep, sit die driemanskap af see toe om die dag op die strand te gaan geniet. Dit is 'n betowerende storie oor die opwinding daarvan om in die natuur te wees en branderplank te ry.

Deur Mary Duncan, uitgegee deur Milkwood Media (R83)

Al die stories wat in **A magical day for dreaming** **ingesluit** is, is op werklike gebeurtenisse van **Reik na 'n Droom** se ongelooflike droomkinders gegrond. Die organisasie maak die drome waar van kinders wat met lewensbedreigende siektes **gediagnoseer** is. Jay Jay die towerhanswors is geen gewone karakter nie – hy weet hoe om selfs die mees **onwaarskynlike** drome te laat waar word. Of dit nou jou eie hondjie of 'n fiets is, of jy 'n prinses vir 'n dag wil wees of 'n regte brandweerman – Jay Jay weet net hoe om wense te laat waar kom.

(http://www.childmag.co.za/content/proudly-south-african-childrens-books)

Ons pas

Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek neer.

oplettende	tekenaar
oplossing	gemotiveer
geïnspireer	te betwyfel
illustreerder	geïdentifiseer
gediagnoseer	antwoord; verklaring
onwaarskynlik	aandagtige

Ons skryf

Lees weer die resensies en skryf die antwoorde op hierdie vrae neer.

NUWE WOORDE

Wie is die skrywers van *A magical day for dreaming*?

Watter boek sal in almal wat van die natuur hou, se smaak val?

Watter boek sal in iemand met 'n sin vir humor se smaak val?

Wat doen die organisasie **Reik na 'n Droom**?

Watter goed gebeur met meneer Harper?

Wie los meneer Harper se probleme op?

Ons skryf

Jy wil *Silly Mr Harper* bestel. Skryf 'n e-pos aan die uitgewers waarin jy sê dat jy die boek wil bestel. Noem in jou e-pos waarheen hulle die boek moet stuur en hoe jy vir die boek gaan betaal. Skryf drie reëls waarin jy verduidelik waarom jy hierdie boek wil bestel. Moenie vergeet om jou naam onderaan te gee nie.

Aan:

Van: alan@school.com **1 Oktober 2012** **14:22**

Teacher:
Sign:
Date:

Stuur

DATUM

111 Skryf oor 'n boek

Ons skryf

Skryf 'n resensie van 'n boek wat jy gelees het. Gebruik die inligting hieronder om jou resensie te skryf. Vul eers die inligting hieronder in om jou daarmee te help.

Paragraaf 1

Naam van boek: :

Skrywer:

Paragraaf 2 en 3

Hoe begin die boek?

Hoe eindig dit?

Paragraaf 4

Dink jy ander kinders sal die boek geniet? Waarom?

Ons skryf

Skryf die meervoude van die volgende woorde neer.

storie		strand	
kind		dag	
lewe		prinses	
wens		fiets	

Ons skryf

Vul die volgende tabel in. Vra vyf maats watter drie dinge vir hulle die belangrikste in storieboeke is. Teken hul antwoorde op deur die korrekte raampies te merk. Tel dan al die merkies bymekaar.

Dinge wat ek dink belangrik is in storieboeke	Merk om te wys as jou 5 maats dink dit is belangrik					Aantal
Opwindende storie						
Helder, duidelike sketse						
Duidelike skryfstyl						
Prys						
Leer ons 'n les						

Wat dink jy en jou maats is die belangrikste?

Wat dink julle is die mins belangrike?

Ons doen

Teken nou 'n staafgrafiek deur die inligting wat jy opgeteken het, te gebruik.

Dinge wat ons dink belangrik is

Aantal merkies

Opwindende storie	**Helder, duidelike sketse**	**Duidelike skryfstyl**	**Prys**	**Leer ons 'n les**

Pret

Ontrafel die volgende woorde om die name van kinderboeke te vind.

Aeilc in Wdonlreand

Lwiee Hkiese

Blelbaêla

Hrrya Pterro

Teacher:
Sign:
Date:

8

DATUM

111 Gesonde eetgewoontes

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels met jou maat daaroor.

- Wat is jou gunstelingkossoorte?
- Watter soort kos dink jy is goed vir jou? Sê waarom.
- Watter soort kos dink jy is sleg vir jou? Sê waarom.
- Watter soort kos eet jy gewoonlik?

Ons lees

Lank, lank gelede was daar 'n jong bosbouer. Hy het hom die hele tyd oor die diere en voëls in die woud bekommer – hy het beseerde diere **verpleeg** en honger diere gevoer.

Eendag arriveer 'n groep **stropers** in die woud en skiet 'n bok en haar vulletjie dood. Die bosbouer jaag die stropers, en een van hulle steek hom tydens die bakleiery met 'n mes. Die bosbouer val bebloed op die grond neer. Die diere van die woud kom aangehardloop om hulle vriend te kom help en begin sy wonde skoon lek. Die sterwende bosbouer se hart begin weer klop en hy kry weer kleur in sy wange.

"Hy was nog altyd vir ons 'n goeie vriend, ons moet hom help," verklaar 'n wyse kraai wat een maal deur die bosbouer uit 'n strik bevry is. "Ek sal na die berge toe vlieg. Daar, in die woestyn, groei 'n boom wat soet vrugte dra. Ek vreet elke jaar hierdie vrugte en ek raak nooit oud nie. Miskien kan dit help om ons vriend se lewe te red."

Die kraai vlieg weg en die ander diere begin die bosbouer se wonde met water uit die stroompie was en hom met **medisinale** plante bedek.
Die kraai keer vinnig terug met 'n hele klompie blink, bruin vrugte. Die voël gee die jongman die vrugte om te eet.

"My mond proe soos heuning," fluister die bosbouer. "Watter soort vrugte is dit dié?"

"Ek het geen idee nie," antwoord die kraai. "Ek weet net dat dit my sterk maak."

Elke dag het die kraai nog van die wondervrugte vir sy vriend gebring. Binne 'n kort tydjie het die bosbouer van sy **beserings** herstel. Toe hy weer sterk gevoel het, het hy sy woudvriende bedank en na die berge toe gestap om na die towerboom te gaan soek. Die kraai wys vir hom die pad, en sommer gou staan die bosbouer voor 'n hoë boom met veeragtige blare, bedek met takke vol bruin bessies.

"Wat is jou naam, towerboom?" vra die jongman beleefd.

"Ek is 'n dadelpalm, en my vrugte word dadels genoem. Die son en die aarde vul hulle met soveel soetheid dat 'n handvol daarvan 'n hele maaltyd kan vervang. Dis net jammer hier is niemand om vir my te sorg nie," antwoord die boom.

"Ek sal hier kom woon en nuwe dadelpalms plant," besluit die bosbouer.

'n Lang tyd het verbygegaan. Die bosbouer het sy honderdste verjaarsdag gevier, maar hy was nog net so gesond soos iemand die helfte so oud soos hy. Die wyse ou kraai het ook nog steeds geleef. Hy het oor **massiewe** afstande gevlieg en vir sy vriend alles kom vertel wat hy sien. Eendag vertel die kraai vir die bosbouer 'n hartseer verhaal:

"Die koning en koningin is baie hartseer. Die prinses weier om enige kos te eet. Die koninklike kokke berei die **keurigste** disse voor, maar sy **weier** om eens daarna te kyk. Die koning het beloof om enigiemand wat sy dogter kan red, 'n wens toe te staan.

Toe die bosbouer dit hoor, maak hy sy sak vol dadels en gaan na die paleis toe. Toe hy die prinses van die dadels aanbied, draai sy haar gesig weg. Hy gaan langs haar sit en vertel haar die storie van hoe die wyse kraai hom van die dood gered het deur vir hom hierdie wonderlike vrugte te voer. Die prinses draai na die bosbouer toe en sê: "Maak jou mond oop."

Die bosbouer is verbaas oor hierdie vreemde versoek, maar gehoorsaam en maak sy mond oop. Die prinses bestudeer die bosbouer se mond **aandagtig**.

"Jy het nog al jou tande en hulle is **ongeskonde**, maar ek het alreeds een van myne verloor," sê sy en sug hartseer. "Dit is waarom ek besluit het om niks meer te eet nie."

Die bosbouer hou sy sak met dadels na die prinses uit.

"Eet een van hierdie dadels, en jou tande sal sterker word," stel hy voor.

"Mmm … ek het nog nooit vantevore iets so soets geëet nie!" roep die prinses opgewonde uit toe sy een van die dadels proe.

Die koning vaardig onmiddellik 'n bevel uit dat lekkergoed voortaan net van dadels, heuning en neute gemaak mag word. Die kinders hou baie van die nuwe lekkers en hulle ouers is ook tevrede. Hulle kinders kan nou soveel lekkergoed eet as wat hulle wil en hul tande bly gesond.

"Hoe kan ek jou ooit vir jou dienste vergoed?" vra die koning.

Teacher:
Sign:
Date:

112 Meer oor gesonde kos

DATUM

Ons pas

Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek neer.

verpleeg	wilddief
stroper	wonde
medisinale	smaaklikste
beserings	nie geskend nie
massiewe	verseg
keurigste	met aandag
weier	baie groot
aandagtig	genesende
ongeskonde	sorg vir

Ons skryf

Lees weer die storie en skryf antwoorde op die volgende vrae neer.

Die storie is 'n sprokiesverhaal. Watter woorde vertel jou dit?

Watter towereienskappe het dadels volgens die storie?

Waarom het die prinses geweier om te eet?

Dink jy die koning se bevel oor lekkergoed was 'n goeie bevel? Sê waarom.

Watter les leer ons uit die storie?

Ons skryf

Les weer die storie. Hoe dink jy eindig dit?

Skryf 'n paragraaf waarin jy sê hoe jy dink die storie eindig.

Ons skryf

Vra vyf maats die volgende vrae en vul dan die vraelys in.

- Behoort kinders lekkers te eet?
- Behoort skole daagliks gesonde middagetes te voorsien?
- Behoort kinders 'n gesonde ontbyt te eet?
- Behoort kinders op skool meer oor gesonde kos te leer?
- Behoort kinders elke dag vrugte te eet?

Antwoord ja of nee op die volgende:

	Kinders behoort nie lekkers te eet nie	Skole behoort daagliks gesonde middagetes te voorsien	Kinders behoort 'n gesonde ontbyt te eet	Kinders moet op skool meer oor gesonde kos leer	Kinders behoort elke dag vrugte te eet
Maat 1					
Maat 2					
Maat 3					
Maat 4					
Maat 5					
Totaal					

SPYSKAART

Verbeel jou jy is die klasleier. Jy word gevra om 'n spyskaart vir 'n gesonde middagete op te stel. Vra jou vyf maats wat hulle graag sou wil eet en skryf dan die spyskaart neer.

113 Lees 'n pamflet

DATUM

Ons lees

IS JY GESOND?

Is jy altyd moeg?
Sukkel jy om snags te slaap?
Eet jy drie maaltye per dag?
Voel jy altyd in 'n slegte bui?
Kry jy hoofpyn en maagpyn?
Klink dit soos jy?

DAN MOET JY GESONDER LEEF

Oefen elke dag! Draf, ry fiets, gaan stap met die kat!

Ruik die vars lug! Vars lug laat jou helderder dink.

Stook jou liggaam! Jou liggaam is soos 'n **masjien** en benodig **brandstof** om te beweeg. Eet gesonde kos: groente, vrugte, hoender, vis, eiers, melk, neute, peulgroente, kaas en pap.

Slaap genoeg! Jy het minstens 10 ure slaap per nag nodig om duidelik te kan dink en doeltreffend op te tree.

Water is lewe! Drink water, water en nog water! Los die Coke, limonade en vrugtesap! Jou liggaam benodig water en sommer baie daarvan! Dit hou jou ook skoon en laat jou lekker ruik!

Sorg vir jou tande! Borsel jou tande minstens twee maal per dag en doen dit **behoorlik**. **Vlos** dan.

Ons pas

Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek neer.

stook	enjin
masjien	kos; energie
brandstof	korrek; deeglik
behoorlik	skoonmaak met tandelint
vlos	brandstof gee; sterker maak

Lees weer die pamflet en skryf dan antwoorde op die volgende vrae neer.

Ons skryf

Waarom, dink jy, is hierdie pamflet geskryf?

As jy "ja" geantwoord het op al die vrae wat in die pamflet gevra word, wat behoort jy te doen?

Wat dink jy is die drie belangrikste dinge wat jy moet doen om gesond te bly? Skryf hulle neer en sê ook waarom jy dink hulle belangrik is.

Ons skryf

Jou skool deel "Gesondheid"-sokkerballe uit. Hulle wil iets op elke vlak van elke sokkerbal skryf voordat hulle dit aan die kinders uitdeel. Help hulle daarmee deur iets onder elke opskrif te skryf.

Ons doen

Teken nou 'n prentjie om te verduidelik wat jy op die sokkerbal geskryf het.

Teacher:

Sign:

Date:

114 Vergelykings en resepte

DATUM

Ons skryf

Onderstreep die byvoeglike naamwoorde in die volgende sinne. Skryf in die regterkantste kolom of die byvoeglike naamwoord ons meer vertel oor:

Kleur | Grootte | Smaak | Soort

Byvoeglike naamwoorde vertel ons meer oor 'n persoon, 'n plek of 'n ding.

In die winter eet ons gesonde groentesop. ____

Die man eet heerlike, soet dadels. ____

Die koning gee vir die bosbouer 'n groot bedrag geld. ____

Ons het bruin en wit dadellekkers by die partytjie geëet. ____

Hou jy van soet waatlemoen vir ontbyt? ____

'n Vergelyking vergelyk een ding met iets anders deur "soos" en "net soos" te gebruik om 'n woordprentjie te maak.

Ons skryf

Die bosbouer het 'n dadel geëet wat hy gesê het **so soet soos heuning is.**
Hy het die dadel met heuning vergelyk.
Hy kon ook gesê het dat die dadel **soos** heuning is.
Dink nou jou eie vergelykings uit wat sê hoe jy oor goed voel. Maak hulle so interessant moontlik

Voorbeeld:
Huiswerk is soos 'n lang pad sonder einde.

Druiwe is soos ____.

Maandae is soos ____.

Die son is soos ____.

Om geen sakgeld te hê nie, is soos ____.

Lemoene is soos ____.

Ons skryf

Skryf hierdie sinne in die indirekte rede.
Ons het elke sin vir jou begin.

Kraai: "Hy was nog altyd vir ons 'n goeie vriend, en ons moet hom red."

Kraai het gesê dat

Bosbouer: "My mond proe soos heuning."

Die bosbouer het gesê dat

Bosbouer: "Ek sal hier kom woon en nuwe dadelpalms plant."

Die bosbouer het gesê dat

Koning: "Hoe kan ek jou beloon vir jou dienste?"

Die koning het gevra hoe

Ons skryf

Die prinses het die resep vir dadellekkers neergeskryf. Kyk hoe sy dit neergeskryf het.

Bestanddele

1. 2 koppies graanvlokkies
2. 3/4 koppies koue dadels
3. 1/2 koppie pekanneute
4. 2 eetlepels heuning
5. 1 eetlepel botter
6. 2 teelepels lemoensap
7. versiersuiker
8. pekanhelftes
9. 'n groot mengbak

Metode

Maal 1, 2 en 3 tot fyn.
Voeg 4, 5 en 6 by.
Roer mengsel in 9.
Vorm in 1,5 cm-balletjies.
Rol in 7.
Sit 8 bo-op.

Onderstreep al die werkwoorde in **blou**.

Die kok by die kasteel wil die dadellekkers maak, maar kan nie die prinses se resep volg nie. Gebruik die prinses se resep en skryf 'n paragraaf waarin jy vir die kok vertel wat om te doen.

Skryf twee woorde neer wat rym met "rol".

Skryf nou twee sinne waarin jy jou rymwoorde gebruik.

Teacher:
Sign:
Date:

DATUM

115 Ons speel sokker

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels met jou maat daaroor.

- Geniet jy dit om aan sport deel te neem?
- Aan watter soort sport neem jy deel?
- As jy nie van sport hou nie, watter soort speletjies speel jy? Vertel vir die klas.

Ons lees

Sokker in Suid-Afrika

deur Brad Morgan

Sokker is die sport wat die algemeenste in Suid-Afrika gespeel word. Vir baie Suid-Afrikaners was die land se trotsste sportoomblik toe ons in 1996 die Afrika-nasietoernooi hier op eie **bodem** gewen het.

Sokker word **intens** gevolg, en die gehalte van die plaaslike sokker verbeter voortdurend – soos blyk uit die toenemende aantal Suid-Afrikaanse spelers wat vir die bekende en **glorieryke** Europese klubs gaan speel.

Plaaslike spanne word **passievol** deur hul singende en juigende ondersteuners gevolg.

Daar is waarskynlik geen vinniger manier om die ys met die Suid-Afrikaner op straat te breek as deur jou kennis van plaaslike sokker te toon nie.

In 1992, twee jaar voor die land se eerste demokratiese verkiesing, is die verenigde Suid-Afrikaanse span gevorm wat op 9 Julie teen Kameroen in die eerste wedstryd in Durban gespeel het. Dit was 'n **triomfantlike** geleentheid vir die span toe hulle die Wes-Afrikaanse **sokkerreus** met een doel teen nul geklop het.

Toe Suid-Afrika in 1996 as gasheer vir die Afrika-nasiebekertoernooi optree, het hulle bewys dat hulle in die eindwedstryd hoort deur Tunisië 2–0 te verslaan. Dit was tydens die span se aanloop tot die titel dat sy bynaam, "Bafana Bafana", wêreldwyd bekend geraak het.

Ons pas

Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek neer.

NUWE WOORDE

bodem	sterk; diep
intens	roemryke
glorieryke	seëvierende
passievol	sokkerkampioen
triomfantlike	hartstogtelik
sokkerreus	grond

Ons skryf

Merk of skryf die antwoorde op die volgende vrae neer.

Sokker in Suid-Afrika is 'n

sprokiesverhaal	
koerantartikel	
resep	

Sê waarom. _____

Wie het die artikel geskryf? _____

Wat is volgens die skrywer die beste manier om met 'n Suid-Afrikaner bevriend te raak?

_____

_____

Wanneer het die naam Bafana Bafana regoor die wêreld bekend geword?

_____

_____

Wie is jou gunstelingsokkerspan? Sê waarom.

_____

_____

DATUM

116 Sokker oraloor

Ons skryf

Voltooi hierdie tabel met byvoeglike naamwoorde.
Ons het vir jou 'n voorbeeld gedoen.

hard	harder	hardste
uitputtend		
		vetste
		mees opgewonde
vinnig		
	meer bederf	
goed		

Verbeel jou jy speel vandag 'n sokkerwedstryd (of enige ander wedstryd). Skryf twee sinne oor die wedstryd.

Ons skryf

Onderstreep dan al die werkwoorde wat jy in die teenwoordige tyd gebruik het in blou.

Verbeel jou nou dat jy gister die wedstryd gespeel het. Skryf dieselfde inligting neer, maar nou in die verlede tyd. Onderstreep al die werkwoorde wat jy in die verlede tyd gebruik het in rooi.

Verbeel jou nou dat jy môre die wedstryd gaan speel. Skryf dieselfde inligting neer, maar nou in die toekomende tyd.
Onderstreep al die werkwoorde wat jy in die toekomende tyd gebruik het in groen.

Ons skryf

Onderstreep die werkwoorde in die volgende sinne en skryf dan die bywoorde neer wat hulle beskryf. Sê elke keer of die bywoord jou meer vertel oor hoe, wanneer of waar.

Bywoeglike naamwoorde beskryf naamwoorde en bywoorde beskryf werkwoorde.

	bywoorde	hoe, wanneer, waar
Hy het buite sokker gespeel.		
Hy het die bal hard geskop.		
Die sokkeroefening het laat geëindig.		
Doen jou huiswerk vinnig sodat jy kan gaan sokker oefen.		
Ons sal hard moet werk as ons in die sokkerspan wil bly.		

Ons skryf

Voeg die regte leestekens in die volgende sinne in.

alle kinders moet aan die een of ander sport deelneem

as ons nie ons huiswerk doen nie sal ons nie kan sokker speel nie

het jy 'n nuwe sokkeruitrusting gekry

ek het 'n e-pos aan debs raisa en dikeledi gestuur

ek hoop dat ek eendag vir bafana bafana sokker sal kan speel

Teacher:
Sign:
Date:

DATUM

117 Skryf 'n e-pos

Ons lees

Aan:	deb@school.com; raisa@school.com; dikeledi@school.com;		
Van:	fenyang@primary.com	1 Oktober 2012	15:14

Liewer Debs, Raisa en Dikeledi,

Ek is so opgewonde! Ek is gekies om my skool in sokker te verteenwoordig. Ek het gehoop dat dit sou gebeur, want ek het regtig hard geoefen.

Verlede week het ons elke dag uitspeelwedstryde gehad. Dit was baie uitputtend. Maar nadat ek as vleuel gekies is, was dit alles die moeite werd!

My skooldae gaan nou baie lank wees, want ons moet elke dag oefen sodat ons as 'n span kan begin saamspeel. Die skool begin om 08:00 en ons maak ongeveer 18:00 klaar met sokkeroefening. En dan het ek nog nie eers my huiswerk gedoen nie

Elke Maandag speel ons 'n wedstryd teen 'n ander skool. Ons speel die wedstryd óf op ons tuisveld, óf by die ander skool. As ons by 'n ander skool speel, sal ek party dae eers teen 20:00 by die huis kom.

My ma het besluit om my gesonde kos te begin gee sodat ek baie energie kan hê – net ingeval. Ek hoop net ek word nie so vet dat ek nie meer vinnig kan hardloop nie.

Ons het gister dorp toe gegaan om my sokkeruitrusting te koop. Wow! Dit lyk wonderlik! 'n Blou broekie, 'n blou-en-wit T-hemp, blou-en-wit sokkerkouse en 'n splinternuwe paar sokkerstewels. Ek is regtig bederf!

Die skoolhoof het vir ons gesê dat ons net seker moet maak ons bly goed vaar in al ons vakke, anders sal hy ons uit die span haal.

Baruti is alreeds in die moeilikheid omdat hy vergeet het om sy Wiskunde-huiswerk te doen.

Vir sy straf gaan hy nou vyf dae lank moet skoolsit. Ek dink dis bietjie erg!

Skryf gou terug en vertel my waarmee julle almal besig is.

Liefde

Fenyang

Stuur

Ons skryf

Lees weer die e-pos en skryf antwoorde op die volgende vrae neer..

Wie het die e-pos gestuur?

Wat is sy e-posadres?

Aan wie het hy die e-pos gestuur?

Wanneer het hy die e-pos gestuur

Waarom het hy die e-pos gestuur? Antwoord in volsinne.

Wat dink hy van Baruti se straf? Sê waarom.

Wat dink jy van Baruti se straf? Sê waarom.

Ons skryf

Skryf 'n e-pos terug aan Fenyang waarin jy hom vertel wat jy by die skool doen en aan watter sport jy deelneem.

Aan:

Van:

Stuur

Teacher:

Sign:

Date:

DATUM

118 Sokkerwedstryde

Ons lees

No: 22 Kennisgewing aan ouers 22/13

Geagte meneer en mevrou Mampuru,

U seun, Fenyang, is gekies om die sokkerproewe in Bloemfontein by te woon.

Die sokkerproewe vind van 10 tot 14 November plaas.

U kind moet asseblief op 9 November om 17:30 by die skool aanmeld. Die bus sal stiptelik vertrek, en ons verwag dus dat u kind betyds sal wees. Kinders sal weer om 13:30 op 15 November by die skool terugbesorg word.

Die skool sal vir alle reis-, verblyf- en voedseluitgawes betaal.

Kinders moet die volgende saamneem: 2 handdoeke, seep, tandeborsel, tandepasta, sjampoe, haarborsel, 2 pare sokkies, 5 onderbroeke, 5 onderhempies, 4 kortbroeke, 4 T-hemde, 2 langbroeke, 2 sokkeruitrustings, 1 paar sandale en 1 paar formele skoene.

Kinders moet ook geld saambring vir enige addisionele snoepgoed en vir vermaak.

Skryf asseblief 'n brief om ons te laat weet of u kind die proewe sal kan bywoon.

Ons skryf Lees weer die kennisgewing en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.

Waarom het die skool vir meneer en mevrou Mampuru 'n kennisgewing gestuur?

Hoe lank sal Fenyang weg wees?

Waarvoor sal die skool betaal?

Waarvoor moet die ouers betaal?

Wat moet die ouers doen om te bevestig dat Fenyang Bloemfontein toe kan gaan?

Skryf die brief wat meneer en mevrou Mampuru vir die skool moet stuur.

- Vertel in die eerste paragraaf vir die skool dat Fenyang die proewe kan bywoon.
- Bevestig in die tweede paragraaf sy vertrek- en terugkeertye.
- Bevestig in die laaste paragraaf dat julle vir hom sakgeld sal gee.

20 Oktober 2013

Geagte Skoolhoof

My seun Fenyang mag

Die uwe

Mev. D Mampuru

Jy is as kaptein van die sokkerspan gekies. Jy is gevra om 'n kennisgewing vir jou span te skryf waarin jy bevestig waar die proewe gehou sal word, die datums van die proewe en die vertrek- en terugkeertye. Skryf ook twee sinne waarin jy sê dat jy baie na die proewe uitsien.

Ons ruim ons wêreld op

DATUM

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels met jou maat daaroor..

- Is die plek waar jy woon skoon of vuil? Sê waarom.
- Dink jy dit is belangrik om die plek waar jy woon, skoon te hou? Sê waarom.

Ons lees

Lente is in die lug en terwyl mense die sonskyn geniet, moedig Plastiek SA die publiek aan om hul **jaarlikse** lente-opruiming te begin deur eerste na hul omgewing te kyk.

"Ons doen 'n beroep op alle Suid-Afrikaners om ons land gedurende September pragtig en skoon te maak," sê Douw Steyn, Omgewingsdirekteur van Plastiek SA. Plaaslike gemeenskappe, skole en groepe regdeur Suid-Afrika word aangemoedig om hul eie opruimings- en herwinningsaktiwiteite aan te bied gedurende Maak Suid-Afrika Skoon-week, wat van 12 tot 17 September sal plaasvind.

Maak Suid-Afrika Skoon-week (12–17 Sep)

Volgens Steyn is die doel van Maak Suid-Afrika Skoon-week dat almal 'n verskil moet maak deur Suid-Afrika skoon en rommelvry te kry.

"Maak Suid-Afrika Skoon-week wys dat elke persoon 'n verskil kan maak. Elke Suid-Afrikaner het 'n verantwoordelikheid om van die rommel in ons land ontslae te raak en afval te **herwin**. Elke papier wat jy optel en elke plastiekomhulsel wat jy in die vullisblik gooi, maar 'n enorme kollektiewe verskil," sê Steyn.

Internasionale Kusskoonmaakdag (17 Sep)

Die hoogtepunt van Maak Suid-Afrika Skoon-week sal die **26ste Jaarlikse Internasionale Kusskoonmaakdag** wees, wat op Saterdag, 17 September sal plaasvind.

"Plastiek strooi nie homself rond nie, mense doen dit. Plastiek moet nie in die oseane beland nie en **mariene** afval is **onaanvaarbaar**," sê Steyn.

Organiseerders verwag dat meer as 20 000 vrywilligers vanjaar na vore sal kom om te help om ons **kosbare** strande te kom help **opruim** en enigiets wat nie deur die natuur daar gelaat is nie, op te tel.

"Ons is almal met die oseaan verbind, ongeag waar ons woon. Selfs die rommel wat ons honderde kilometer van die see af strooi, kan uiteindelik in die oseaan beland," sê Steyn.

Saam kan ons die probleem oplos

Om rommel te bestry, is een van die maklikste maniere om ons land te beskerm. Saam kan ons die probleem van rommel wat ons strate en waterweë ontsier, oplos. Wanneer jy gedurende September as deel van Maak Suid-Afrika Skoon-week, Herwinningsdag of die Internasionale Kusskoonmaakdag **vrywillig** jou tyd en energie afstaan, sal jy deel wees van 'n **beweging** van individue wat die deurslag gee in die stryd teen rommel in ons pragtige land.

NUWE WOORDE

Ons pas

Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek neer.

mariene	aanbieder
onaanvaarbaar	van die see
kosbare	wat elke jaar gebeur
opruim	baie waardevolle
vrywillig	van die see
beweeging	'n groot groep mense
jaarlikse	kan nie aanvaar word nie

120

Hou ons strande en oseane skoon

DATUM

Ons skryf Lees weer die artikel en skryf dan antwoorde op die volgende vrae neer.

Wat is belangrik omtrent September?

Watter maatskappy vra Suid-Afrikaners om hulle hulp aan te bied?

Volgens Douw Steyn kan jy 'n groot verskil aan die omgewing maak as jy help om papiere op te tel. Waarom dink jy kan dit 'n verskil maak?

Wat gebeur op 17 September?

Volgens meneer Steyn is ons strande kosbaar. Waarom dink jy is hulle kosbaar?

Wat is een van die maklikste maniere om ons omgewing skoon te hou?

Wat doen jy wanneer jy mense sien rommel strooi?

Gee die berig 'n opskrif.

Ons pas Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links.

om 'n groot kollektiewe verskil te maak	om iets te groet
om na vore te kom	om dinge te laat verander
om die deurslag te gee	om hulp aan te bied
of afskeid van iets te neem	om saam 'n positiewe verskil te maak

Kies nou drie van die frases en maak daarmee jou eie sinne.

Ons pas Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links.

Voorbeeld

Oorsaak	Gevolg
Mense strooi rommel in die straat.	Die omgewing is vuil.

Skole moet skoonmaakpogings organiseer.	Mense moet dit optel.
Tel plastiek op die strande op.	Hulle het siek geword.
Kinders strooi rommel in die straat.	Die vrywilligers op die strand het nat geword.
Dit het begin reën.	Dit sal nie die see besoedel nie.
Jong meisies het die rivierwater gedrink.	Die skoolterrein sal skoon wees.

Teacher:
Sign:
Date:

DATUM

121 Lees 'n pamflet

Ons lees

Verminder rommel

Wanneer ons in ons pragtige land om ons rondkyk, sien ons baie dikwels plastiek- en glasbottels, blikkies, polistireenhouers en -koppies, plastiek, papier en 'n hele klomp ander rommel wat ons strate en parke, ons hoofpaaie, ons woonbuurte, ons inkopiegebiede, ons riviere en baie ander plekke in ons omgewing besoedel.

Wat kan jy doen?

Verminder rommel

Vermy kos wat in plastiek verpak is.
Koop **herbruikbare, herstelbare, hervulbare, herlaaibare** produkte.

Hergebruik en herwin

Probeer hergebruik voordat jy herwin.
Bedek tuinafval of maak kompos daarvan.
Verkoop of skenk gebruikte klere, meubels, boeke en **toerusting**.
Herwin ou rekenaars en batterye.
Die stappe wat jy doen om ons omgewing te help, sal jou ook gesond hou.
Wanneer jy 'n "groen" huis skep, help jy jou huis en jou gemeenskap. Jy stel ook 'n voorbeeld vir jou bure.

Ons pas

Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links.

herbruikbare	kan weer gelaai word
herstelbare	kan weer gebruik word
hervulbare	kan herstel word
herlaaibare	gereedskap; werktuie
toerusting	kan weer gevul word

NUWE WOORDE

Ons skryf

Lees weer die pamflet en skryf dan antwoorde op die volgende vrae neer.

Wat maak ons land minder mooi en gesond?

Wat kan gebruik word om dinge in toe te draai, eerder as plastiek?

Jy word gevra om "herbruikbare, herstelbare, hervulbare en herlaaibare produkte" te koop. Gee 'n voorbeeld van iets wat jy gekoop het wat

hergebruik

herstel

hervul

herlaai kan word.

Wat dink jy bedoel die skrywer wanneer sy sê dat jy moet hergebruik voordat jy herwin?

Wat dink jy word met 'n groen huis bedoel?

Dink jy dit is belangrik om ons omgewing skoon te hou? Sê waarom.

Teacher:
Sign:
Date:

122

Kom ons word groen

DATUM

Ons skryf

Is jou huis "groen"? As dit is, sê wat jy doen om dit groen te maak. As dit nie is nie, sê wat jy kan doen om dit groen te maak.

Ons skryf

Vul die ontbrekende woorde in. Gebruik die woorde hieronder.

of | dit | kan | as | wanneer | op | sal | meer

Geen afvalmaatskappy _____ 'n dorp of stad skoon hou _____ inwoners rommel strooi nie. _____ inwoners saamstaan om hul omgewing _____ te ruim en _____ dan skoon hou, wen ons omdat ons 'n skoner, veiliger en _____ higiëniese stad _____ dorp sal hê.

Ons skryf Verbind hierdie sinne met die woord **maar**.

Die strand was pragtig. Daar het 'n klomp rommel rondgelê.

Daar is asblikke op die strand. Die mense gebruik dit nie.

Dit was harde werk om die rommel op te tel. Die kinders het in groepe gewerk om dit makliker te maak.

Die kinders was honger en dors. Hulle moes tot vieruur wag om iets te eet en drink.

Die kinders was moeg. Hulle was bly dat hulle kon help om die strand skoon te maak.

Vir die pret Maak soveel woorde moontlik uit hierdie twee woorde. Jy mag elke letter net soveel kere gebruik as wat dit in hierdie woorde verskyn. Jy mag meervoude en eiename gebruik.

Operasie Skoonmaak

123

Meer oor die omgewing

DATUM

Ons lees

Die stukkende kraan bly drup
en lek
Draai styf toe of maak dit reg.
Jy dink dalk die water is genoeg
Maar vir elke druppel moet die aarde swoeg.
Die kraan bly oop
terwyl jy tande borsel
Die water loop
En vir elke druppel moet die aarde worstel.
Die water in jou bottel
Is lekker koel en skoon
Jy drink 'n bietjie, gooi dan weg,
Dink 'n bietjie: is dit nou reg?

(From CEE - The Green Teacher)

Bewustheid
Stukkende bottels en stukke glas
Opgerolde koerante op die gras
Meters beton en geen enkele boom
Is dit die omgewing waarin ek woon?

Gif en **insekdoder** op ons kos
Oseane vol dik olie gemors
Ons seelewe gaan stadig dood
Skrik tog wakker, die nood is groot!

Daar moet iets wees wat ons kan doen
Laat mense sien daar's niks meer groen
As ons nie die probleem **oplos**
Sal ons nooit oorleef, dit sien jy mos.

Aarde uit balans
Gebruik dit weer of herwin
Herstel harmonie

(Haiku)

Ons pas

Verbind die betekenisse regs met die vetgedrukte woorde links.
Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek neer.

opgerolde	gif wat goggas doodmaak
beton	nie doodgaan nie
insekdoder	regmaak, uitsorteer
oseane	in 'n rol opgevou
seelewe	sement
nood	seë
oplos	dringende probleem
oorleef	diere wat in die see woon, bv. visse

Ons skryf

Lees weer die gedigte en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.

Kyk na die eerste gedig

Gee vir die gedig 'n opskrif.

Hoe vermors jy water?

Watter twee dinge kan jy doen om water te bespaar?

Kyk na die tweede gedig

Skryf drie dinge neer wat die digter dink ons doen wat slegs is vir die omgewing.

Wat stel sy voor moet ons doen om die omgewing te red?

Teacher:
Sign:
Date:

124

Skryf oor die omgewing

DATUM

Haikoegedigte is soos foto's wat jy met jou kamera neem en is baie kort.

'n Haikoe het sekere reëls:
- Dit het drie reëls.
- Reël 1 het vyf lettergrepe.
- Reël 2 het sewe lettergrepe.
- Reël 3 het vyf lettergrepe.
- Dit rym nie.

.

'n Lettergreep is 'n aparte klank in 'n woord.

Voorbeeld: "omgewing" het drie lettergrepe: om/ge/wing. "Hond" het een lettergreep, en "Water" het twee lettergrepe: wa/ter.

Ons skryf

Die derde gedig in Werkkaart 125 word 'n haikoe genoem. Dit is 'n gedig met drie reëls wat spesifieke reëls volg. Jy gaan nou 'n haikoe skryf.

Gaan buitentoe. Kyk na jou omgewing en onthou of neem 'n foto van wat jy sien. Maak 'n lys van al die dinge wat jou interesseer. Dit kan goed wees soos 'n asblik wat oorvol is, water wat drup, 'n skoon grasperk of 'n vrolike blombedding.

Moenie vergeet dat jou haikoe drie reëls moet hê en dat elke reël 'n spesifieke aantal lettergrepe moet hê nie.

Ons skryf

Kies die regte woorde uit die raampies hieronder en voltooi die sinne:

'n skilpad	blits	seep	bloed
stroop	lood	die houtjie van die galg	'n veertjie

So soet soos ...

So rooi soos ...

So vinnig soos ...

So stadig soos ...

So glad soos ...

So slim soos ...

So swaar soos ...

So lig soos ...

Lees die plakkaat. Die plakkaat sê dat jy jou eie rommel moet optel.

Maak nou jou eie plakkaat vir jou skool of gemeenskapsgebou waarin jy almal aanmoedig om nie rommel te strooi nie.

Maak mense rondom jou bewus van jou skool se speelgrond. Is daar rommel? Watter soort rommel is daar? Word die rommel opgetel? Wie tel dit op?

Vra mense om iets oor die rommel te doen. Jy kan een van die volgende frases gebruik.
Gooi jou rommel in 'n asblik!
Moenie ander mense se rommel op die grond los nie!
Sit jou rommel in 'n sak as daar nie 'n asblik is nie!
Moenie rommel uit 'n taxi gooi nie!

Dit is nie iemand anders se verantwoordelikheid om ons rommel op te tel nie.

DIT IS ONS VERANTWOORDELIKHEID

ASSEBLIEF! GOOI JOU ROMMEL IN DIE ASBLIK.

125 Beplan my storie

DATUM

Gesels met jou maat oor 'n storie waarvan jy baie gehou het. Gesels oor die karakters in die storie. Sê waarvan jy die meeste in die storie gehou het. Het die storie vir jou inligting gegee?

Beplan om jou eie storie te skryf deur die spasies hieronder in te vul.

Waaroor gaan jou storie handel?

Wie gaan jou hoofkarakters wees?

Watter inligting gaan jy gee?

Sny die volgende bladsy uit. Maak 'n boek. Skryf die titel van die boek op die omslag. Skryf jou naam onder die titel, want jy is die skrywer. Teken 'n prentjie op die omslag. Skryf nou jou storie met 'n begin, 'n middel en 'n einde.

Agterblad

Rainbow WORKBOOKS

OOR DIE SKRYWER

Skryf jou naam

Jou ouderdom

Waar jy woon

8

Omslag

Teken hier 'n prentjie.

Skryf die titel van die boek hier..

Vul jou naam in (jy is die skrywer).

1

Step 2: Fold on the dotted line

Step 3: Staple on this side

Stap 3: Kram aan hierdie kant vas.

Stap 2: Vou op die stippellyn.

Teken hier 'n prentjie

Skryf die middel van jou storie hier.

4

Teken hier 'n prentjie

Skryf die middel van jou storie hier en op bladsy 4.

5

Teken hier 'n prentjie.

Begin jou storie hier skryf.

2

Teken hier 'n prentjie.

Sluit jou storie af.

7

Teken hier 'n prentjie.

Gaan hier voort met jou storie.

3

Teken hier 'n prentjie.

Skryf neer wat aan die einde van jou storie gebeur.

6